Graph 10: Changes in industrial and commercial inventories: predicted values



For the purpose of the in-sample simulation, the observed values of past levels of inventories were included as explanatory variables. A further simulation was then prepared by allowing the pre-determined values of the lagged level of inventories to be determined endogenously by the model. The simulated values of the change in inventories were used to calculate the cumulated level of inventories which then appear as an explanatory variable with a two-quarter lag. The results of this (dynamic) simulation are illustrated in Graph 10 along with the outcome of the previous in-sample (static) simulation.

Simulations can also be used to determine the response of inventory investment to changes in the variables exogenous to the model. As an example, the model was solved dynamically from the first quarter of 1971 to the fourth quarter of 1992, using the actual values of the exogenous variables and the endogenously determined values of the level of inventories. The procedure was repeated, but with the interest rate variable Prime increased by one percentage point from the first quarter of 1988 to the fourth quarter of 1992. The results are summarised in Graph 11. A permanent increase in interest rates reduces inventory *investment* for some 13 quarters, and reduces the *level* of inventories permanently. The strongest impact on inventory investment is recorded after four quarters have elapsed.

Graph 11: The effect on industrial and commercial inventories of a sustained increase of one percentage point in the prime overdraft rate



Summary

Through its direct influence on aggregate demand, inventory investment contributes to the size of gross domestic product. It also has a direct influence on the appropriation of investable funds in the economy. Inventories serve to breach the highly variable gap between aggregate supply and demand.

Economic conditions and changes in technology have brought about a structural decline in the level of inventories relative to the level of output. An international comparison of inventory ratios confirmed that structural changes in South Africa formed part of similar changes that took place in other countries. The reasons put

forward for the structural changes in the different countries are also broadly similar.

Inventory investment tends to coincide with the business cycle and does not initiate cyclical changes in the economy, while the level of inventories follows the business cycle with a time delay of about three to four quarters. Because of its consistency as a lagging aggregate behind overall economic activity, the level of industrial and commercial inventories forms part of the composite lagging business cycle indicator of the Reserve Bank.

An econometric investigation of quarterly changes in real industrial and commercial inventories has sales, unexpected changes in sales, the lagged level of inventories, interest rates and the real exchange rate as explanatory variables. The model performs reasonably well in ex post-forecasting. Of particular significance is that both interest rates and the exchange rate – variables well within the sphere of monetary policy – are shown to have a significant effect on inventory investment.

Bibliography

- Abramovitz, M. 1950. *Inventories and business cycles, with special reference to manufacturing inventories*. National Bureau of Economic Research. New York: The Gallery Press.
- Blinder, A.S. & Maccini, C.J. 1991. Taking stock: A critical assessment of recent research on inventories. *Journal of economic perspective*, vol. 5, No. 1, 73-96.
- Callen, T.S. 1989. Stockbuilding behaviour. *Bank of England, Quarterly Bulletin*, May, vol. 29, No. 2, 264-270.
- Eichenbaum, M. 1988. Some empirical evidence on the production level and production cost smoothing models of inventory investment. *National Bureau of Economic Research, Working paper*, No. 2523.
- Etter, R. 1993. Inventory behaviour of firms at different levels of aggregation. Lecture presented at the twenty-first CIRET conference.
- Evans, M.K. 1969. *Macroeconomic activity: Theory, forecasting, and control*. Harper International.
- Flood, D. & Lowe, P. 1993. Inventories and the business cycle. *Reserve Bank of Australia, Research discussion paper*, No. 9306.
- Gregory, C.A. 1973. Non-farm inventory investment in Australia 1950-1970. *Committee for economic development of Australia, M series*, No. 36.
- Inter-secretariat working group on national accounts. 1993. *System of national accounts 1993*. Eurostat, IMF, OECD, UN and World Bank.
- Little, J.S. 1992. Changes in inventory management: Implications for the U.S. recovery. *New England economic review*, Federal Reserve Bank of Boston, November/December 1992, 37-65.
- Metzler, L.A. 1941. The nature and stability of inventory cycles. *Review of economic statistics*, vol. 23, No. 3, 113-129.
- Pratten, C. 1985. *Destocking in the recession*. Aldershot: Gower publishing company.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1970. Business cycles in South Africa during the post-war period, 1946 to 1968. *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, September.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1973. Business cycles in South Africa during the period 1968 to 1972. *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, June.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1982. Growth trends and business cycles in the South African economy, 1972 to 1981. *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, June.
- Smith, H. 1994. *Voorraadinvestering in Suid-Afrika*. Unpublished M.Com dissertation. Pretoria: University of Pretoria.
- Stadler, J.J. 1973. *Die nasionale rekening van Suid-Afrika*. Cape Town & Pretoria: Haum.
- Stanback, T.M. 1962. *Postwar cycles in manufacturing inventories*. National Bureau of Economic Research.
- South African Reserve Bank, *Annual Economic Report*, several issues.
- South African Reserve Bank, *Quarterly Bulletin*, several issues.
- South African Reserve Bank. 1991. South Africa's national accounts, 1946 tot 1990. *Supplement to Quarterly Bulletin*, June.
- South African Reserve Bank. 1994. South Africa's national accounts, 1946 tot 1993. *Supplement to Quarterly Bulletin*, June.
- Van den Heever, J.P. 1988. *Die kwantifisering van beleidsopsies met betrekking tot die makro-ekonomiese stabilisasievraagstuk in Suid-Afrika*. Unpublished D.Com thesis. Pretoria: University of Pretoria.
- Van der Walt, B.E. 1983. Indicators of business cycle changes in South Africa. *South African Reserve Bank Quarterly Bulletin*, March.
- UN. 1968. *System of national accounts*. Studies in methods, series F, No. 2, rev. 3, New York: United Nations.
- UN. 1986. *Handbook of national accounting, accounting for production: sources and methods*. Studies in methods, series F, No. 39. New York.
- U.S. Department of Commerce, Economics and Statistics Administration, Bureau of Economic Analysis, *Survey of Current Business*, several issues.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Swak weerstoestande en die laer produksie van goud was vir 'n verdere verlangsaming van die ekonomiese groei in die tweede kwartaal van 1995 verantwoordelik. Die stadiger groei in binnelandse produksie in die eerste ses maande van 1995 het egter na 'n tydperk van lewendige en toenemende groei plaasgevind. Die vlak van die ekonomiese bedrywigheid was gevoldlik betreklik hoog, soos weerspieël word in die koers van die benutting van die produksievermoë in die fabriekswese wat net effens laer was as by die hoogtepunt in die konjunkturele opwaartse fase van 1986-89.

Ofskoon die daling in die produksie van die landbou en die goudmyne 'n ongunstige uitwerking op die ekonomie gehad het, het die bedrywigheid in die nie-primêre sektore sterk bly uitbrei. Die groei in die reële toegevoegde waarde van die sekondêre en tersiêre sektore teen 'n jaarkoers het trouens van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 4½ persent in die tweede kwartaal versnel. Hierdie kragtiger ekonomiese groei het taamlik algemeen voorgekom, maar was veral opmerklik in die fabriekswese, handel, vervoer en kommunikasie en finansiële dienste.

Die hoër vlak van die bedrywigheid in die nie-primêre sektore het gepaardgegaan met 'n versnelling in die groei van die reële bruto binnelandse besteding. Die skerp toename in die binnelandse besteding was die gevolg van verdere toenames in voorrade, bruto binnelandse vaste investering en private verbruiksbesteding, terwyl die verbruiksbesteding van die algemene owerheid op die laer vlak gebly het wat in die eerste kwartaal van 1995 bereik is. Die investering in voorrade wat deur die loop van die huidige konjunkturele opwaartse fase toegeneem het, het in die eerste helfte van 1995 aansienlike stukrag verkry, moontlik as 'n weerspieëling van die sakevertroue in die voortsetting van die ekonomiese herstelfase. Die uitbreiding van investeringsbedrywigheid in die private sektor bevestig ook skynbaar dat produksievermoë tot stand gebring word in afwagting van verdere sterk toenames in die totale vraag.

'n Letwat sterker groei in die reële persoonlike beskikbare inkome in die tweede kwartaal van 1995, wat toegeskryf kon word aan 'n toename in dividendontvangste, 'n groei in werkverskaffing sedert die middel van 1994 en 'n verbetering in die reële loon per werker, het die verdere sterk groei in die verbruikersvraag onderskraag. Die grootste deel van die hoër uitgawes van huishoudings aan toestelle, vervoertoerusting, klerasie en skoeisel en ander duursame en nie-duursame goedere is egter deur middel van verbruikerskrediet gefinansier. Huishoudings het heelwat gebruik gemaak

van die regstreekse kredietgeriewe van kleinhandelaars, verbandvoorskotte, afbetalingsverkoopkrediet en oortrokke bankrekeninge om hierdie aankope te finansier. Ekonomiese uitbreiding wat in 'n belangrike mate berus op 'n hoër verbruikersvraag wat deur middel van toenames in die skuldverpligtinge van huishoudings gefinansier word, is nie 'n gesonde grondslag vir voortgesette ekonomiese ontwikkeling nie.

Vanweë die hoë grensinvoergeneigdheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie, die beperkte oorskotproduksievermoë in talle ekonomiese sektore en die styging in kapitaalvorming, het die invoer in die tweede kwartaal van 1995 steeds gereageer op die styging in die totale binnelandse vraag. Tegelykertyd het die fisiese omvang en die waarde van die netto gouduitvoer verder afgeneem en het 'n swakker uitvoerprestasie tot 'n afname in die goedere-uitvoer aanleiding gegee. Hoewel hierdie ontwikkelings deels teengewerk is deur die laer netto betalings aan nie-inwoners vir dienste en oordragte, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal van 1995 skerp toegeneem tot 'n verhouding van ongeveer 2½ persent van die bruto binnelandse produk.

Hierdie ontwikkelings wys duidelik daarop dat die tradisionele betalingsbalansbeperking op ekonomiese groei in Suid-Afrika nog nie uit die weg geruim is nie. Met 'n betreklik beskeie ekonomiese groeikoers wat in die huidige ekonomiese herstelfase gemiddeld sowat 3 persent per jaar beloop het, is die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans vinnig in 'n groot negatiewe saldo omskep. Die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie gee derhalwe nog steeds aanleiding tot die verskyning van groot tekorte op die lopende rekening teen betreklik lae koerse van ekonomiese groei. Die enigste blywende oplossing vir hierdie probleem is 'n doeltreffende en mededingende produksiestruktuur.

Gelukkig het die lae vlak van Suid-Afrika se buitelandse skuld dit vir die land moontlik gemaak om die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans deur middel van 'n netto invloeiing van kapitaal uit die buitenland te finansier. In die tweede kwartaal van 1995 het meer as 80 persent van hierdie netto kapitaal-invloeiing uit langtermynkapitaal bestaan. Suid-Afrika het oor die afgelope 2½ jaar weliswaar die looptydstruktuur van sy verpligtinge teenoor nie-inwoners verbeter deur 'n skerp omskakeling van kort- na langtermyn netto verpligtinge. 'n Groot deel van hierdie langtermynkapitaalvloeiing kan egter uiteindelik baie onbestendig wees omdat dit belegging in sekuriteite op die Johannesburgse Effektebeurs insluit. Buitelandse lenings en onregstreekse beleggings deur nie-inwoners is in elk geval geen oplossing vir die probleem om volgehoue hoër ekonomiese groei te bereik nie.

Die groot netto invloeiing van kapitaal het die tekort op die lopende rekening geneutraliseer, met die gevolg dat die algehele betalingsbalanspositie van die land in die tweede kwartaal van 1995 verder verbeter het. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het egter as gevolg van die aflossing van laste verwant aan reserwes afgeneem. Die gesonde algehele toestand van die betalingsbalans het 'n betreklik bestendige nominale effektiewe wisselkoers van die rand tot gevolg gehad. In Julie en Augustus 1995 het die geweegde gemiddelde waarde van die rand inderdaad toegeneem.

In 'n statistiese sin het die netto buitelandse bates van die monetêre instellings nie in die tweede kwartaal van 1995 enige druk op die groei in die geldvoorraad uitgeoefen nie. Die groei in bykans al die monetêre groothede het nietemin versnel en die omvattende geldvoorraad het skerp opwaarts beweeg tot bo die boonste perk van die riglyngebied vir 1995. Hierdie vinnige groei in die geldvoorraad was 'n weerspieëling van die sterk groei in die bruto binnelandse besteding en herintermediasie. Die feit dat 'n toenemende deel van die binnelandse besteding deur middel van bankkrediet gefinansier is, het ook aanleiding gegee tot 'n byna ononderbroke styging in kredietverlening deur die monetêre instellings aan die private sektor.

In die lig van die vinnige styging in die geldvoorraad en kredietverlening deur die banke en nadat ander ekonomiese gebeure in aanmerking geneem is, het die monetêre owerhede aan die begin van 1995 'n baie meer konserwatiewe beleidsingesteldheid aanvaar. Korttermynrentekoerse het opwaarts beweeg in reaksie op die strenger maatreëls wat ingestel is, terwyl langtermynopbrengskoerse effens gedaal het. Die opbrengskoerskromme het dienooreenkomsdig gedurende die vyfmaande-tydperk wat in Augustus 1995 geëindig het, effens meer gelyk verloop. Die meeste van die uitleen- en depositokoerse van finansiële instellings het ook na die verhoging in die Bankkoers teen die einde van Junie 1995 na hoër vlakke beweeg.

Die geldmark is oor die algemeen gekenmerk deur skerp fluktuasies wat gedurende die tydperk Maart tot Augustus 1995 deur veranderings in die netto buitelandse bates van die Reserwebank en in regeringsdeposito's by die sentrale bank teweeggebring is. Die Reserwebank se optredes in die geldmark gedurende hierdie tydperk was gevolglik hoofsaaklik daarop gemik om likwiditeit te neutraliseer ten einde die effektiwiteit van die herfinansieringsgeriewe te verseker. Bedrywigheid in die effekte- en aandelemark het verder teruggesak, terwyl die bestendige toestande in die mark in buitelandse valuta, 'n daling in die deelname van nie-inwoners, 'n styging in die prys van vaste eiendom en die hoë vlak van en verwagte verdere stygings in rentekoerse, 'n negatiewe invloed op die omvang van transaksies in ander finansiële markte gehad het.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 7,8 persent van die bruto binnelandse produk bedra.

Hoewel dit steeds hoog is, was dit aansienlik laer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Hierdie laer vlak van die leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste kwartaal van die fiskale jaar kon deels die gevolg gewees het van spesiale omstandighede wat met die konstitusionele veranderings in Suid-Afrika verband gehou het. Die daarstelling van die nege provinsies en die administratiewe probleme wat in dié verband ondervind is, het moontlik 'n deel van hul besteding vertraag, met die gevolg dat die inkomste en oordragte van die provinsiale regerings hulle totale besteding oorskry het. Die awenteling van sekere magte van die sentrale regering na die provinsiale administrasies het ook 'n duidelike invloed op die bestedingspatroon van die Hoofbegroting gehad: oordragbetalings het aansienlik gestyg, terwyl besteding aan goedere en dienste afgeneem het.

Op die gebied van inflasie was die laer prys van vars vleis, groente en vrugte vir stadiger koerse van toename in sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks vanaf April 1995 verantwoordelik. Indien die uitwerking van prysveranderings van verwerkte en onverwerkte voedsel op die produksieprysindeks buite rekening gelaat word, toon die koers van toename oor twaalf maande van die ander prys sedert April 1994 'n voortgesette opwaartse beweging. Hoewel die koers van toename in die onderliggende verbruikersprysindeks (met veranderings meet in die omvattende verbruikersprysindeks uitgesonderd voedsel en nie-alkoholiese drank, die koste van huisbesit en belasting op toegevoegde waarde) onlangs ietwat verlangsaam het, verhinder faktore soos die sterk binnelandse vraag, stygings in arbeidskoste en pogings van sakeondernemings om winsgrense te handhaaf 'n blywende daling in die inflasiekoers. Belangrike strukturele faktore, waaronder 'n onbuigsame arbeidsmark, 'n onmededingende produksistruktuur en groot begrotingstekorte, staan ook nog in die weg van 'n standhoudende afname in die inflasiekoers. Teen hierdie agtergrond akkommodeer en gee 'n oormatige toename in die geldvoorraad aanleiding tot 'n voortdurende styging in produksie- en verbruikerspryse.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie


Die eerste ramings toon dat die totale reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van ongeveer 1 persent gestyg het, nadat dit in die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 1½ persent toegeneem het. Hierdie groei was ver onder die gemiddelde jaarkoers van 5½ persent wat in die tweede helfte van 1994 behaal is. Ondanks die verlangsaming in die ekonomiese bedrywigheid in die eerste helfte van 1995, was die totale produksie in hierdie tydperk steeds bykans 3 persent hoër as in die eerste helfte van 1994.

Die verlangsaming in die ekonomiese groei gedurende die eerste ses maande van 1995 kon hoofsaaklik aan 'n merkbare afname in die landbouproduksie weens ongunstige weerstoestande in die somerreënvalgebiede en die laer goudproduksie toegeskryf word. Hoewel die laer produksie in die primêre sektore deur terugwaartse en voorwaartse skakelings 'n nadelige uitwerking op die produksie in die ander sektore van die ekonomie gehad het, het die nie-primêre sektore sterk gegroei en die verlangsaming in ekonomiese herstel gedemp. Die groei in die totale reële toegevoegde waarde van die sekondêre en tersiêre sektore het trouens van 'n jaarkoers van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 4½ persent in die tweede kwartaal versnel. In die primêre sektore was die totale produksie (teen 'n jaarkoers) in die eerste helfte van 1995 10½ persent laer as in die tweede helfte van 1994.

Landbouproduksie wat in 1994 'n aansienlike bydrae tot die ekonomiese groei gemaak het, het in die eerste ses maande van 1995 skerp afgeneem. Swak graanoeste op die Hoëveld het veral gedurende die tweede kwartaal van 1995 bygedra tot 'n negatiewe groeikoers van jaar tot jaar van 9 persent in die landbou. Dit word algemeen verwag dat die mielie-oes in 1995 slegs sowat een-derde van die produksie in die voorafgaande jaar sal beloop.

Die totale produksie in die mynbousektor het in die eerste twee kwartale van 1995 teen jaarkoerse van 10 en

Reële bruto binnelandse produk



11 persent gedaal; dit het op 'n afname van 2½ persent in die kalenderjaar 1994 gevvolg. Veral die goudproduksie het skerp afgeneem as gevolg van 'n toenemende aantal spesiale en openbare vakansiedae, ontwrigtings in die arbeidsmark, nywerheidsoptrede, besettings van die werkplek, sloerstakings en stakings. Die goudinhoud van erts wat gemaal is, het ook verder afgeneem, onder andere as gevolg van die ontginning van erts van 'n laer gehalte en die verwerking van bogrondse ontginningsmateriaal ter aanvulling van ondergrondse produksie. Al

Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Sektore	1994				1995	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Primêre sektore	-30	-3	4	9½	-13	-23
Nie-primêre sektore	1	2½	4	5½	3½	4½
Sekondêre sektore	0	2½	6	8	4½	6
Tersiêre sektore	2	2½	2½	4	3	4
Totaal	-3½	2	4	6½	1½	1

hierdie faktore het die probleme van die nywerheid vererger, met die gevolg dat die huidige produksie gelyk is aan die produksievlekke van 1957 en 1958 en sowat die helfte van die rekordproduksie van 1 000 ton in 1970 uitmaak. In teenstelling hiermee het die ontginning van steenkool en sommige onedele metale in die eerste twee kwartale van 1995 baat gevind by 'n sterk oplewing in die internasionale vraag en die gepaardgaande styging in uitvoerpryse, verbeterde arbeidsbetrekkinge en 'n toename in die produktiwiteit.

Die groei in die produksie van die sekondêre sektore het van 'n jaarkoers van 4½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 6 persent in die tweede kwartaal versnel. Dit kon hoofsaaklik aan 'n oplewing in nywerheidsproduksie toegeskryf word, terwyl die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien en die konstruksiebedryf bestendig bly toeneem het. In die fabriekswese het die groei in die reële toegevoegde waarde in die tweede kwartaal van 1995, teen 'n jaarkoers bereken, 7 persent beloop. Gedurende die eerste twee jaar van die huidige ekonomiese opwaartse fase het die produksie van die fabriekswese teen 'n gemiddelde jaarkoers van 4½ persent uitgebrei. Vervaardigers in die binnelandse sowel as uitvoergerigte bedrywe het stewige groei ervaar. Dit hou verband met 'n sterk buitelandse vraag, produksieaanpassings vanweë die hoër internasionale prys van fabrieksgoedere, lewendige private verbruiksbesteding en die algemene verbetering van die beleggersvertroue in die private sektor.

'n Ontleding van die vertoning van die tersiêre sektore

in die tweede kwartaal van 1995 toon dat:

- Die reële toegevoegde waarde van die handelsektor teen 'n jaarkoers van 4½ persent toegeneem het, hoofsaaklik omdat verbruikers positief gereageer het op die betreklik vreedsame oorgang na 'n nuwe politieke bedeling. Die motorhandel het ook sterk gegroei en is gesteun deur aansienlik hoër vlakke van vaste kapitaalvorming, 'n sterk vraag deur motorverhuringsondernemings, vredesamer arbeidstoestande met 'n gepaardgaande verbetering in produktiwiteit, en 'n uitbreiding van die bedryf se uitvoer.
- Die reële toegevoegde waarde van die vervoer- en kommunikasiedienste sterk teen 'n jaarkoers van 6½ persent gestyg het. Dit kon aan 'n styging in die internasionale handel, 'n toename in toerisme en die suksesvolle vestiging van die netwerk van sellulêre telefone toegeskryf word.
- Die reële produksie van die finansiële sektor teen 'n jaarkoers van 5 persent toegeneem het. Hierdie sektor het voordeel getrek uit die groei in die effekte en afgeleide markte en die gesonde finansiële toestand van die land oor die algemeen.


Binnelandse besteding

Die groei in die totale reële bruto binnelandse besteding teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het in die tweede kwartaal van 1995 5½ persent bedra; in die eerste kwartaal van 1995 het die toename in binnelandse besteding tot 'n koers van 2 persent vanaf 10 persent in die tweede helfte van 1994 verlangsaam. Die skerp toename in die binnelandse besteding was die gevolg van verdere toenames in die private verbruiksbesteding, bruto binnelandse vaste investering en voorrade, terwyl verbruiksbesteding deur die algemene owerheid ongeveer op dievlak van die eerste kwartaal van 1995 gebly het.


Die reële private verbruiksbesteding het in die eerste helfte van 1995 skerp gestyg; in die eerste sowel as die tweede kwartaal het dit teen 'n jaarkoers van 3½ persent toegeneem. Die sterk groei in die reële besteding aan verbruikersgoedere en -dienste deur huishoudings het hoofsaaklik 'n toename in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere soos huishoudelike toestelle, vervoertoerusting, klerasie en skoeisel weerspieël. Die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere het in die tweede kwartaal van 1995 effens toegeneem, terwyl die groei in die reële besteding aan dienste aansienlik verlangsaam het weens 'n daling in die besteding deur toeriste in die buiteland.

Die voortgesette hoë koers van toename in die reële besteding deur huishoudings aan verbruikersgoedere en -dienste is deur 'n ietwat sterker groei in reële persoonlike beskikbare inkomste gesteun, onder andere, as gevolg van 'n toename in dividendontvangste uit die maatskappysektor, effense groei in werkverskaffing sedert die middel van 1994 en 'n verbetering in die reële loon per werker. Die meer geredelike beskikbaarheid van verbruikerskrediet het huishoudings se besteding aan goedere en


Reële bruto binnelandse produk van fabriekswese



Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



Reële bruto binnelandse vaste investering



kalenderjaar 1994 het hierdie besteding met nog 4 persent gestyg.

Die reële *bruto binnelandse vaste investering* het in die tweede kwartaal van 1995 na raming teen 'n jaarkoers van 8 persent toegeneem; hierdie groeikoers was hoër as die 5½ persent in die eerste kwartaal, maar aansienlik laer as die 19 persent in die tweede helfte van 1994. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die vaste kapitaalvorming van 'n onderste draaipunt van 15 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot bykans 17 persent in die tweede kwartaal van 1995 gestyg. Hierdie verdere toename in vaste investering is deur 'n aansienlike uitbreiding in die reële besteding aan kapitaalgoedere deur die private sektor teweeggebring,

Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding
Percentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Komponente	1994				1995	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Private verbruiksbesteding	2	3	3½	4	3½	3½
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid.....	7	2	1½	1	-1½	0
Bruto binnelandse vaste investering	3½	10½	18	19½	5½	8
Verandering in voorrade (R miljard)	5,1	3,3	5,9	8,7	8,7	10,7
Bruto binnelandse besteding	4%	1½	10½	10	2	5%

terwyl kapitaaluitgawes deur die openbare sektor afgeneem het.


Die koers van toename in die reële vaste investering deur die private sektor het van 'n jaarkoers van 9½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot ongeveer 13½ persent in die tweede kwartaal gestyg. Met die aanvang van die huidige opwaartse fase van die vaste-investeringsiklus was kapitaalbesteding hoofsaaklik tot 'n paar groot projekte beperk wat aangemoedig is deur belastingkortings wat met waardeverminderingstoelaes verband gehou het. In die tweede kwartaal van 1995 het toenames in kapitaalbesteding in bykans al die sektore van die ekonomie voorgekom. Die uitbreiding in die investeringsbedrywigheid toon klaarblyklik dat produksievermoë geskep word in afwagting van voortgesette groei in die totale vraag.

Die voortdurende toenames in die kapitaalvorming van die private sektor kon ook toegeskryf word aan die regstreekse en onregstreekse uitwerking van die groot kapitaalprojekte, 'n sterk vervangingsvraag en uitbreidings van produksievermoë om munt te slaan uit die betreklike sterk binnelandse en buitelandse vraag na sommige onedele metale, minerale en vervaardigde goedere. Die reële vaste investering in die finansiële sektor is aangehelp deur die verdere toename in reële besteding aan private woongeboue, terwyl kapitaalbesteding aan masjinerie en vervoertoerusting, wat deur afbetalingsverkoopooreenkomste en bruikhuurkontrakte gefinansier is, kragtig uitgebrei het.

Die reële vaste investering van die openbare korporasies het in die tweede kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van 11½ persent gedaal. 'n Daling in die vaste investering deur Eskom het toenames in die investeringsuitgawes van korporasies wat met die vervoerwese en telekommunikasiedienste gemoeid is, meer as geneutraliseer. Toenames in die reële vaste investering deur die sentrale en provinsiale regerings kon die afname in die besteding aan investering deur die plaaslike owerhede nie ten volle ewenaar nie, maar het daarin geslaag om die afname in die totale reële vaste investering deur al die openbare owerhede van 'n jaarkoers van 9 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 1 persent in die tweede kwartaal te laat verlangsaam.

Nadat investering in voorrade in die derde kwartaal van 1993 positief geword het, het dit deur die loop van die huidige konjunkturele opwaartse fase van die ekonomie bly styg. In die eerste twee kwartale van 1995 het die reële waarde van voorrade baie sterk gestyg, hoofsaaklik vanweë die opbouing van voorrade in die mynbousektor, private fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel. As gevolg van die swak mielie-oes, het landbouvoorraad in die handel egter afgeneem. Verdere toenames in die nywerheids- en handelsvoorraad het veroorsaak dat die vlak van hierdie soort voorraad in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 'n rekordlaagtepunt van 16 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot meer as 18½ persent in die tweede kwartaal van 1995 gestyg het.

Verandering in reële voorrade



Faktorinkome en besparing

Die groei oor 'n tydperk van twaalf maande in die totale nominale faktorinkome teen markpryse het van 13 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 11 persent in die tweede kwartaal verlangsaam. Hierdie afname was die gevolg van laer groei in die totale bruto bedryfsurplus; die koers van toename van jaar tot jaar in hierdie totaal het van 13½ persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 10½ persent in die tweede kwartaal afgeneem omdat die winsgewendheid van die landbou- en die mynbousektore verswak het. Boonop het die groei oor twaalf maande in die nominale vergoeding van werknemers oor dieselfde tydperk slegs effens van 11½ persent tot bykans 12 persent gestyg.

Ondanks die afname in die groei in faktorinkome, het die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1995 vir die derde opeenvolgende kwartaal onveranderd op 18 persent gebly. Dit vergelyk gunstig met die gemiddelde verhouding van 17½ persent in 1994, maar is steeds aansienlik laer as die gemiddelde van 23 persent oor die lang termyn.


Die jongste gunstiger ontwikkeling in die binnelandse besparing kon aan 'n geringe verbetering in die netto maatskappybesparing en die laer vlak van netto ontsparing deur die algemene owerheid toegeskryf word. In teenstelling hiermee, het die netto besparing van huishoudings ietwat gedaal van 2½ persent van die bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1994 tot 1 persent in die tweede kwartaal van 1995; in verhouding tot die persoonlike beskikbare inkomme het

besparing deur huishoudings oor dieselfde tydperk van 4 tot 2 persent afgeneem. Dit was te wye aan die sterk toename in die reële verbruiksbesteding van huishoudings, wat die toename in die totale reële persoonlike beskikbare inkome oofskry het.

Werkverskaffing

Die oplewing in die ekonomiese bedrywigheid het 'n geruime tyd geduur voordat dit die nodige stukrag gekry het om die afwaartse beweging in die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou om te keer. Nadat 'n onderste draaipunt van die konjunktuur in die tweede kwartaal van 1993 bereik is, was dit nog vier kwartale voordat die totale werkverskaffing enigsins gereageer het op die verbetering in die algehele ekonomiese bedrywigheid. 'n Beskeie toename in die werkverskaffing teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,6 persent in die tweede kwartaal van 1994 is gevvolg deur 'n sterker toename van 2,5 persent in die derde kwartaal en 0,9 persent in die vierde kwartaal van 1994 (die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is). Die gemiddelde vlak van die werkverskaffing in die kalenderjaar was ondanks hierdie kwartaallike toenames nog 0,6 persent laer as in 1993 – die vyfde agtereenvolgende jaarlikse daling in die totale werkverskaffing.

Werkverskaffing in nie-landbousektore



Tabel 3. Die verandering in die werkverskaffing in die private sektor buite die landbou van die tweede kwartaal van 1993 tot die vierde kwartaal van 1994 volgens die vernaamste ekonomiese sektore

Sektor	Werknemers (duisende)
Mynbou	-22,4
Fabriekswese.....	10,4
Konstruksie.....	-2,5
Elektrisiteitsvoorsiening	-2,9
Groothandel.....	2,4
Kleinhandel	-31,5
Motorhandel	3,1
Private padvervoer	-1,1
Banke	2,9
Ander.....	0,9
Totaal	-41,3

Die ekonomiese bedrywige bevolking het gedurende hierdie tydperk teen 'n koers van 2,5 persent per jaar toegeneem. Die aantal werklose persone het gevvolglik aansienlik gestyg, terwyl die sogenaamde informele sektor toenemend groter geword het. Volgens amptelike gegewens was nie minder nie as 43 uit elke 100 ekonomies bedrywige persone in Oktober 1994 werkloos of in die informele sektor betrokke. Hierdie gegewens toon duidelik hoe dringend dit is om die arbeidsabsorberingsvermoë van die ekonomie te verbeter ten einde binnelandse bestendigheid te handhaaf.

Die traie reaksie van die totale werkverskaffing op die oplewing in die ekonomiese bedrywigheid is veroorsaak deur die onwilligheid van werkgewers in die private sektor om hul arbeidsmag uit te brei. Toenames in die werkverskaffing in die private sektor het eers in die tweede helfte van 1994 gerealiseer; werkverskaffing het in die derde en die vierde kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,6 en 1,2 persent toegeneem. Die gemiddelde vlak van die werkverskaffing in die private sektor het nietemin nog met 1,4 persent in 1994 in die geheel verminder. Die gevolg hiervan was dat die totale werkverskaffing in die private sektor steeds sowat 41 300 persone minder was as aan die einde van die resessie in die tweede kwartaal van 1993.

Tabel 3 wys duidelik hoe huiwerig ondernemings in die private sektor in baie van die vernaamste ekonomiese sektore buite die landbou was om hul werkverskaffing te verhoog. Die vlakte van die werkverskaffing inveral die kleinhandel en die mynbousektor was heelwat laer as aan die einde van die onlangse resessie. Geen netto toenames in die werkverskaffing is gedurende die eerste ses kwartale van die ekonomiese oplewing in die konstruksiebedryf, die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf en die private padvervoer aangeteken nie, terwyl die aantal

personne in diens van die fabriekswese, die groothandel en die motorhandel, banke en ander dienste, matig toegeneem het.

In skerp teenstelling met hierdie veranderings in die werkverskaffing deur die private sektor, het die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* van die tweede kwartaal van 1993 tot die vierde kwartaal van 1994 verder met 34 400 nuwe werkgeleenthede toegeneem. Met die uitsondering van die eerste helfte van 1993, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede tydens die resessie van 1989-93 deurloop gestyg. Die toename van kwartaal tot kwartaal in die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het meer onlangs versnel van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,4 persent in die eerste kwartaal van 1994 tot 4,2 persent in die derde kwartaal; daarna het hierdie koers afgeneem tot 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1994. 'n Toename van 0,9 persent in die gemiddelde vlak van die werkverskaffing deur die openbare owerhede is in die kalenderjaar 1994 aangeteken.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die verskeie onvolmaakthede in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark het voortdurend verhinder dat looneise en -skikkings die toenemende ooraanbod van arbeid weerspieël. Dit kan gesien word in die koers van toename van jaar tot jaar in die *nominale vergoeding per werker* wat van 'n onderste draaipunt van 10,5 persent in 1993 tot 11,9 persent in 1994 gestyg het. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker het boonop versnel van 'n laagtepunt van 9,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 (die eerste enkelsyferkoers van toename sedert die vierde kwartaal van 1985) tot 14,6 persent in die tweede kwartaal van 1994; daarna het dit ietwat afgeneem tot 11,6 persent in die vierde kwartaal van 1994.

Loontoenames in die *private sektor* is in 'n groot mate aangewakker deur eise vir 'n bestaansloon. Die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale vergoeding per werker in die private sektor buite die landbou het nietemin afgeneem van 'n hoogtepunt van 17,0 persent in 1990 tot 10,2 persent in 1994. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in die private sektor het ononderbroke gedaal van 15,4 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 9,5 persent in die eerste kwartaal van 1994; daarna het dit toegeneem tot 11,4 persent in die derde kwartaal van 1994 voordat dit tot 9,5 persent in die vierde kwartaal verlangsaam het.


Die nominale vergoeding per werker in diens van die *openbare owerhede*, wat gedaal het van 21,6 persent in 1989 tot slegs 9,2 persent in 1993, het in 1994 tot 14,6 persent gestyg. Op 'n kwartaallikse basis het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede selfs skerper toegeneem van slegs 5,6 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 21,4 persent in die tweede kwartaal van 1994. Hierdie buitengewoon hoë koers van toename is egter veroorsaak deur spesiale omstandig-

hede ten tye van die algemene verkiesing in April 1994. Die koers van toename in die nominale loon per werker in diens van die openbare owerhede het toe ietwat gedaal tot 14,6 en 15,2 persent in die laaste twee kwartale van 1994.

Die onvermoë van die binnelandse arbeidsmark om betekenisvol by die onderliggende arbeidsmarktoestande aan te pas, word gestaaf deur die veranderings wat in die *reële vergoeding per werker* waargeneem is. Die reële vergoeding per werker het in 1994 met nie minder nie as 3,0 persent gestyg. Die koers van verandering oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker het ook skerp versnel van 'n negatiewe 0,6 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot positiewe syfers van 4,9, 3,8 en 3,6 persent in die laaste drie kwartale van 1994.

Die koers van toename in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het versnel van 0,4 persent in 1991 tot 2,8 en 2,4 persent in 1993 en 1994, grotendeels as gevolg van die afname in die aantal werkers in diens van die formele sektore van die ekonomie. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename van 1,7 persent sedert 1991 was beduidend hoër as die 0,3 persent per jaar gedurende die tagtigerjare. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële produksie per werker het egter afgeneem van 'n hoogtepunt van 4,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 1,9 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1994. Hierdie laer koerse van toename in die arbeidsproduktiwiteit was deels die gevolg van 'n beduidende toename in die aantal mandaie wat verlore gegaan het as gevolg van stakings en ander werkstop-

Reële arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



settings in die tweede helfte van 1994. Hierdie toestande het in die eerste helfte van 1995 opmerklik verbeter.

Aangesien die toename in die arbeidsproduktiwiteit laer was as die toenames in die reële vergoeding per werker, het die *reële arbeidseenheidskoste* (gemeet oor vier kwartale) weer begin toeneem teen koerse van 2,3, 1,9 en 1,7 persent in die laaste drie kwartale van 1994. In die kalenderjaar in die geheel het dit met 0,7 persent gestyg; in 1993 het die reële arbeidseenheidskoste met 2,9 persent gedaal. Die toename in die reële arbeidseenheidskoste hou uiteraard ernstige gevolge in vir inflasie en die vermoë van die ekonomie om werkgeleenthede te skep.

Pryse


Ondanks die opwaartse beweging in die reële arbeidseenheidskoste, het die koers van toename in die produksie- sowel as die verbruikersprysindeks in die tweede kwartaal van 1995 ietwat afgeneem. Die beter verloop in hierdie prysindekse is egter hoofsaaklik teweeggebring deur 'n daling in voedselprysse, veral in die prys van vars vleis, groente en vrugte. Die toename in die sogenaamde onderliggende inflasiekoers in die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat in die tweede kwartaal van 1994 begin het, het onlangs ook ietwat afgeneem. 'n Sterk vraagtrekinflasie is steeds teenwoordig, soos blyk uit die hoë koerse van toename in kredietverlening en die geldvoorraad, sowel as die hoë benutting van produksievermoë in die fabriekswese. In die eerste kwartaal van 1995 was die benutting van produksievermoë in die fabriekswese slegs 1,9 persentasiepunte

onder die vlak wat aan die einde van die ekonomiese oplewing van 1986-89 aangeteken is.


Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende *produksieprysindeks*, wat versnel het van 5,6 persent in die vierde kwartaal van 1994 tot 13,2 persent in die eerste kwartaal van 1995, het weer in die tweede kwartaal tot 11,1 persent gedaal. Die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks oor 'n tydperk van twaalf maande het insgelyks ook ietwat afgeneem van 'n hoogtepunt van 11,5 persent in April 1995 tot 10,5 persent in Junie. Hierdie afwaartse beweging is hoofsaaklik waargeneem in die prys van binnelandse geproduseerde goedere, hoewel die groter bestendigheid in die buitelandse waarde van die rand veroorsaak het dat die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere gelyk verloop het. Die daling van inflasie in produksiepryse is veral teweeggebring deur veranderings in voedselprysse. Indien die prys van verwerkte en onverwerkte voedsel uit die produksieprysindeks gelaat word, het die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die ander prys versnel van 'n onderste draaipunt van 4,5 persent in April 1994 tot 11,4 persent in April 1995 en verder tot 12,4 persent in Junie 1995.

Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende *verbruikersprysindeks* het ook aansienlik teruggesak van 'n onlangse hoogtepunt van 11,0 persent in April 1995 tot 10,0 persent in Junie en 9,0 persent in Julie. Die sogenaamde onderliggende inflasiekoers (soos bepaal deur die omvattende verbruikersprysindeks met die uitsluiting van voedsel en nie-

Omvattende produksieprysindeks



Verbruikersprysindeks



alkoholiese drank, die koste van huisbesit en die belasting op toegevoegde waarde) het egter nie in dieselfde mate gedaal nie. Die onderliggende inflasiekoers, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het skerp toegeneem van 'n laagtepunt van 7,3 persent in Februarie 1995 tot 9,2 persent in Mei, waarna dit in Julie tot 8,5 persent afgeneem het. Dit beteken natuurlik dat ander faktore, soos die sterk totale binnelandse vraag, toenames in arbeidskoste en die pogings van die private sakegemeenskap om hul winsmarges na die uitgerekte resessie te herstel, in die pad staan van 'n voortgesette daling in die inflasiekoers. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende verbruikersprysindeks het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1994 tot 10,9 persent in die tweede kwartaal van 1995 gestyg.


Buitelandse handel en betalings

Lopende rekening

Die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers gereken) wat in die tweede helfte van 1994 na 'n kwartaallikse gemiddelde tekort van R6,2 miljard beweeg het, het verdere tekorte van R7,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 en R12,5 miljard in die tweede kwartaal getoon. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die tekort op die lopende rekening van 1,7 persent in die eerste kwartaal van 1995 tot 2,6 persent in die tweede kwartaal gestyg; gedurende 1994 in die geheel was die verhouding gemiddeld 0,5 persent. Die swakker saldo op die lopende rekening in die tweede kwartaal van 1995 was die gesamentlike gevolg van 'n skerp toename in die waarde van die goedere-invoer en 'n daling in die waarde van goedere- en netto gouduitvoer. Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het in hierdie kwartaal verminder.

Die waarde van *goedere-invoer* het verder toegeneem van die alreeds hoë seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R94,4 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R97,7 miljard in die tweede kwartaal, of met 3½ persent.

Lopende rekening




Skerp toenames is in die invoer van vervaardigde goedere aangeteken, veral in die kategorieë masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en tekstiele. Bowendien het die invoer van mielies oor hierdie tydperk tot 'n betekenisvolle toename in die kategorie plant-aardige produkte gelei. Daarenteen het die waarde van mineraalinvoer (hoofsaaklik ruolie) in die tweede kwartaal van 1995 marginaal gedaal; die buitengewoon hoë vlak van die voorafgaande kwartaal is gevoldiglik min of meer gehandhaaf.

Die hoër waarde van goedere-invoer in die tweede kwartaal van 1995 was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in invoerpryse tesame met 'n klein toename in invoerhoeveelhede; die fisiese hoeveelheid van ingevoerde goedere het met ongeveer $\frac{1}{2}$ persent gestyg. Vanweë matig hoër oliepryse en ander buitelandse produksiepryse en 'n daling in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand, het invoerpryse in die tweede kwartaal van 1995 met bykans 3 persent toegeneem.

Die waarde van goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers gereken) het van R81,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R79,4 miljard in die tweede kwartaal gekrimp. Hierdie daling was ten volle te wye aan 'n afname van 5 persent in die hoeveelheid van uitgevoerde goedere wat die swakker uitvoerprestasie van mynbou- en vervaardigde uitvoerprodukte weerspieël het. As gevolg van die droogte wat in die loop van 1994 geheers het, het die uitvoer van landbouprodukte ook effens teruggesak. Die depresiasie van die rand teenoor die dollar het meegebring dat uitvoerpryse van die eerste tot die tweede kwartaal met 2 persent toegeneem het.

Nadat die waarde van die netto gouduitvoer aanhouwend gedaal het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R24,8 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R20,0 miljard in die eerste kwartaal van 1995, het dit in die tweede kwartaal verder tot R19,3 miljard verminder. Soos in die voorafgaande twee kwartale, kon hierdie afname toegeskryf word aan 'n daling in die hoeveelheid van die netto gouduitvoer; die fisiese omvang van die netto gouduitvoer het as gevolg van voortgesette

Handelsrekening



arbeidsonrus in die tweede kwartaal met 'n verdere $8\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud het gestyg van \$379 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1995 tot \$388 in die tweede kwartaal, of van R1 352 tot R1 413 per fyn ons. Dit het egter daarná in Julie tot \$386 (R1 406) per fyn ons teruggesak.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R15,2

Tabel 4. Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1994				1995	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	60,6	64,0	67,9	73,0	81,8	79,4
Netto gouduitvoer.....	22,6	23,2	24,8	20,1	20,0	19,3
Goedere-invoer.....	-65,6	-71,3	-82,3	-85,1	-94,4	-97,7
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-16,1	-13,3	-15,8	-15,0	-15,2	-13,5
Saldo op lopende rekening	1,5	2,6	-5,4	-7,0	-7,8	-12,5

miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R13,5 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie betreklike skerp daling is meegebring deur 'n afname van R1,9 miljard in betalings vir dienste wat aansienlik meer was as die daling van R0,2 miljard in ontvangste vir dienste aan nie-inwoners gelewer. 'n Afname in rente- en dividend-betalings aan buitelandse beleggers en laer toeristebesteding deur Suid-Afrikaners wat in die buitenland gereis het, was hoofsaaklik vir die afname in dienstebetalings verantwoordelik.


Kapitaalrekening

Die totale netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van R5,4 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R4,4 miljard in die tweede kwartaal gedaal; in die eerste helfte van 1995 het die netto invloeiing van kapitaal steeds R9,8 miljard beloop, wat ietwat hoër was as die invloeiing van R8,8 miljard in die tweede helfte van 1994.

Die invloeiing van kapitaal in die tweede kwartaal van 1995 het grotendeels uit langtermynfondse bestaan: 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal van R3,7 miljard is aangeteken. Die opbrengs van die regering se leningsuitgifte in die Samurai-mark ten bedrae van R1,3 miljard was vir die verdere netto invloeiing van langtermynfondse na die openbare owerhede verantwoordelik; in totaal het 'n netto bedrag van R1,1 miljard in die tweede kwartaal na die openbare owerhede gevloeи. Hierbenewens het openbare korporasies en die banksektor klein netto leners ten bedrae van onderskeidelik R0,2 en R0,6 miljard geword. Die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor het terselfdertyd van R1,1 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R1,9 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Netto aankope deur nie-inwoners van sekuriteite wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is sowel as oor-die-toonbank-transaksies van R2,3 miljard is by laasgenoemde bedrag ingesluit.

Korttermynkapitaal/bewegings (uitgesonderd laste

Totale netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie



verwant aan reserwes maar met inbegrip van onaange-tekende transaksies) het skerp afgeneem van 'n netto invloeiing van R4,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot 'n invloeiing van R0,7 miljard in die tweede kwartaal. Die volle uitstaande bedrag van R1,9 miljard wat deur die verkoop van skatkiswissels met 'n looptyd van drie maande aan nie-inwoners in die laaste kwartaal van 1994 en die eerste kwartaal van 1995 gevorder is, is in die tweede kwartaal terugbetaal. Verder kon die ietwat duurder koste van termyndekking invoerders moontlik aangespoor het om minder van buitelandse handelsfinansiering gebruik te maak. Banke het egter voortgaan om in die tweede kwartaal van 1995 fondse ten bedrae van R2,3 miljard vir die finansiering van hul eie bedrywigheide te leen.

Die kapitaalbewegings in die tweede kwartaal van 1995 het die totale netto invloeiing van kapitaal in die twaalf maande tot die einde van Junie 1995 op R18,6 miljard te staan gebring. Soos tabel 5 aandui, was hierdie netto invloeiing van kapitaal feitlik gelykstaande aan die netto uitvloeiing van kapitaal in die voorafgaande agtien maande. Oor die hele tydperk van 2½ jaar het die aflossingstruktuur van Suid-Afrika se verpligtinge teenoor nie-inwoners egter verbeter as gevolg van die skerp ommakeer van kort- na langtermyn netto verpligtinge. Dit is verder interessant om in die tabel te merk dat die openbare owerhede en die private sektor oor die hele tydperk 'n groot netto invloeiing van langtermynkapitaal ondervind het, terwyl die netto langtermynverpligtinge van openbare korporasies afgeneem het.

Tabel 5. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie

R miljarde

	1e kw 93 tot	3e kw 94 tot	1e kw 93 tot
	2e kw 94	2e kw 95	2e kw 95
Langtermynkapitaal			
Openbare owerhede	-2,5	5,1	2,6
Openbare korporasies	-3,2	1,0	-2,2
Private sektor.....	2,1	2,9	5,0
Totaal	-3,6	9,0	5,4
Korttermynkapitaal.....	-15,1	9,6	-5,5
Totale kapitaal	-18,7	18,6	-0,1

miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R13,5 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie betreklike skerp daling is meegebring deur 'n afname van R1,9 miljard in betalings vir dienste wat aansienlik meer was as die daling van R0,2 miljard in ontvangste vir dienste aan nie-inwoners gelewer. 'n Afname in rente- en dividendbetalings aan buitelandse beleggers en laer toeristebesteding deur Suid-Afrikaners wat in die buitenland gereis het, was hoofsaaklik vir die afname in dienstebetalings verantwoordelik.


Kapitaalrekening

Die totale netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van R5,4 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R4,4 miljard in die tweede kwartaal gedaal; in die eerste helfte van 1995 het die netto invloeiing van kapitaal steeds R9,8 miljard beloop, wat ietwat hoër was as die invloeiing van R8,8 miljard in die tweede helfte van 1994.

Die invloeiing van kapitaal in die tweede kwartaal van 1995 het grotendeels uit langtermynfondse bestaan: 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal van R3,7 miljard is aangeteken. Die opbrengs van die regering se leningsuitgifte in die Samurai-mark ten bedrae van R1,3 miljard was vir die verdere netto invloeiing van langtermynfondse na die openbare owerhede verantwoordelik; in totaal het 'n netto bedrag van R1,1 miljard in die tweede kwartaal na die openbare owerhede gevloei. Hierbenewens het openbare korporasies en die banksektor klein netto leners ten bedrae van onderskeidelik R0,2 en R0,6 miljard geword. Die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor het terselfdertyd van R1,1 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R1,9 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Netto aankope deur nie-inwoners van sekuriteite wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is sowel as oor-die-toonbank-transaksies van R2,3 miljard is by laasgenoemde bedrag ingesluit.

Korttermynkapitaalbewegings (uitgesonderd laste

Totale netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie



verwant aan reserwes maar met inbegrip van onaange-tekende transaksies) het skerp afgeneem van 'n netto invloeiing van R4,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot 'n invloeiing van R0,7 miljard in die tweede kwartaal. Die volle uitstaande bedrag van R1,9 miljard wat deur die verkoop van skatkiswissels met 'n looptyd van drie maande aan nie-inwoners in die laaste kwartaal van 1994 en die eerste kwartaal van 1995 gevorder is, is in die tweede kwartaal terugbetaal. Verder kon die ietwat duurder koste van termyndekking invoerders moontlik aangespoor het om minder van buitelandse handelsfinansiering gebruik te maak. Banke het egter voortgaan om in die tweede kwartaal van 1995 fondse ten bedrae van R2,3 miljard vir die finansiering van hul eie bedrywigheede teleen.

Die kapitaalbewegings in die tweede kwartaal van 1995 het die totale netto invloeiing van kapitaal in die twaalf maande tot die einde van Junie 1995 op R18,6 miljard te staan gebring. Soos tabel 5 aandui, was hierdie netto invloeiing van kapitaal feitlik gelykstaande aan die netto uitvloeiing van kapitaal in die voorafgaande agtien maande. Oor die hele tydperk van 2½ jaar het die aflossingstruktuur van Suid-Afrika se verpligtinge teenoor nie-inwoners egter verbeter as gevolg van die skerp oommekeer van kort- na langtermyn netto verpligtinge. Dit is verder interessant om in die tabel te merk dat die openbare owerhede en die private sektor oor die hele tydperk 'n groot netto invloeiing van langtermynkapitaal ondervind het, terwyl die netto langtermynverpligtinge van openbare korporasies afgeneem het.

Tabel 5. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie

R miljarde


	1e kw 93 tot 2e kw 94	3e kw 94 tot 2e kw 95	1e kw 93 tot 2e kw 95
Langtermynkapitaal			
Openbare owerhede	-2,5	5,1	2,6
Openbare korporasies	-3,2	1,0	-2,2
Private sektor.....	2,1	2,9	5,0
Totaal	-3,6	9,0	5,4
Korttermynkapitaal.....	-15,1	9,6	-5,5
Totale kapitaal	-18,7	18,6	-0,1

Buitelandse reserwes

Die groot tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans en die selfs groter netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het 'n toename van R1,1 miljard in Suid-Afrika se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die tweede kwartaal van 1995 tot gevolg gehad; in die twaalf maande tot Junie 1995 het die netto buitelandse reserwes met R10,6 miljard toegenem. Hierdie verbetering in die algehele betalingsbalansposisie het die Reserwebank in staat gestel om sy laste verwant aan reserwes van R8,5 miljard aan die einde van April 1994 tot slegs R1,7 miljard aan die einde van Junie 1995 af te skaal.

Suid-Afrika se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* het in die tweede kwartaal met R0,9 miljard afgeneem tot R15,2 miljard aan die einde van Junie 1995. Hoewel hierdievlak van buitelandse reserwes gelykstaande was aan slegs ses weke se invoer van goedere en dienste, was dit aansienlik hoër as die goud- en ander buitelandse reserwes van R9,7 miljard aan die einde van Junie 1994. Bowendien het die buitelandse reserwes aan die einde van Junie 1995 hoofsaaklik uit "eie" reserwes bestaan in plaas van die oorwegend "geleende" reserwes soos aan die einde van Junie 1994.

Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



In Julie en Augustus het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank weer met R0,5 miljard tot 'n vlak van R11,9 miljard aan die einde van Augustus afgeneem, terwyl die Bank se netto buitelandse reserwes met R0,3 miljard gedaal het.

Wisselkoerse

Nadat die waarde van die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand van die einde van Desember 1994 tot 10 Maart 1995 (dit is die tydperk net voor die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel) met bykans 6 persent verswak het, het dit in die daaropvolgende tydperk tot 30 Junie 1995 met slegs 0,5 persent afgeneem. Hierdie betreklik bestendige vertoning van die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand was die gevolg van 'n marginale depresiasi van die rand teenoor al die belangrikste geldeenhede behalwe die Britse pond. Die rand het egter oor hierdie tydperk skerp teenoor die Japanse yen gedepresieer op grond van die betreklike stetige vertoning van hierdie geldeenheid in die internasionale markte in buitelandse valuta.


In die tydperk van die einde van Junie 1995 tot die einde van Augustus 1995 het die rand teenoor al die vernaamste geldeenhede, behalwe die VSA-dollar en die Italiaanse lira, geappresieer. Die sterkte van die VSA-dollar teenoor die Japanse yen, Duitse mark en Nederlandse gulden in die laaste helfte van Augustus 1995, het 'n merkbare appresiasi van die rand teenoor hierdie geldeenhede meegebring. As gevolg van hierdie veranderings het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in Julie en Augustus 1995 met ongeveer 2½ persent gestyg. In die eerste agt maande van 1995 het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand per saldo met slegs 4 persent gedaal.

Tabel 6. Veranderings in die wisselkoerse van die rand

Percent

	31 Des 1994 tot 10 Mrt 1995	10 Mrt 1995	30 Jun 1995	31 Des 1994 tot 31 Aug 1995
Geweegde gemiddelde.....	-5,8	-0,5	2,5	-3,8
VSA-dollar.....	-2,4	-0,2	-0,5	-3,2
Britse pond.....	-5,3	0,7	2,3	-2,5
Duitse mark.....	-11,7	-1,6	5,5	-8,3
Japanse yen.....	-10,7	-7,3	14,5	-5,3
Nederlandse gulden.	-11,6	-1,7	5,6	-8,2
Italiaanse lira.....	-0,1	-1,8	-1,6	-3,5

Effektiewe wisselkoerse van die rand



Die reële effektiewe wisselkoers van die rand het van Desember 1994 tot Junie 1995 met $3\frac{1}{2}$ persent verminder. Hierdie daling het die reële effektiewe wisselkoers van die rand op bykans 10 persent onder sy hoogtepunt in Julie 1992 te staan gebring.


Monetäre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

Geldvoorraad

Nadat die koers van toename in die omvattende gedefinieerde geldvoorraad ($M3$) van 'n hoogtepunt van 16,9 persent in Julie 1994 tot 11,8 persent in Februarie 1995 afgeneem het, het dit weer tot 16,8 persent in Junie 1995 versnel. Die maandelikse waardes van $M3$ (seisoensaangesuiwerd), wat in die riglynjaar 1995 onder die onderste perke van die "kegel" maar in die "tonnel" begin het, het gevvolglik in Maart 1995 bokant die boonste perk van die "kegel" en in April 1995 bokant die "tonnel" beweeg. Die voorlopig geraamde seisoensaangesuiwerde maandelikse waarde van $M3$ was trouens in Julie 1995 R12,8 miljard, of 5,0 persent hoër as die ooreenstemmende waarde van die boonste perk van die riglyn- "kegel". Die groeikoers in die seisoensaangesuiwerde waarde van $M3$ vanaf die basis van die riglynjaar het 17,9 persent beloop, vergeleke met die boonste perk van die riglynjaar van 10 persent.

Soos in tabel 7 aangetoon word, het die groeikoers in die enger gedefinieerde monetäre totale, met die opmerklike uitsondering van $M1$, oor die algemeen dieselfde groeipatroon as $M3$ gevolg. Die koers van toename oor twaalf maande in $M1$ het bly krimp van 'n boonste draapunt van 32,7 persent in Julie 1994 tot 7,3 persent in Mei 1995 en daarna het dit slegs effens tot 7,8

Riglyne vir groei in $M3$



Tabel 7. Persentasieverandering in die geldvoorraad oor twaalf maande

Tydperk	M1A	M1	M2	M3
1994: Julie	28,2	32,7	19,5	16,9
Desember ...	24,8	23,7	20,6	15,7
1995: Maart	6,6	10,4	12,6	12,2
April.....	11,6	9,4	15,8	14,9
Mei.....	11,3	7,3	15,6	15,9
Junie	17,0	7,8	15,6	16,8

percent in Junie toegeneem. Dit weerspieël duidelik 'n verskuiwing vanaf onmiddellik opeisbare deposito's (tjek- en transmissie deposito's uitgesonder) na medium- en langtermyndeposito's, wat waarskynlik gegrond is op verwagtings dat langertermynrente en -opbrengskoerse 'n hoogtepunt bereik het en gaan begin afneem.

Die koerse van toename van kwartaal tot kwartaal in al die monetêre totale het ook in die tweede kwartaal van 1995 skerp toegeneem. Aangesien die geldvoorraad onder die huidige monetêre beheerstelsel deur die vraag bepaal word, was hierdie vinniger koers van toename in die monetêre totale waarskynlik 'n weerspieëeling van die skerp groei in die reële bruto binnelandse besteding. Herintermediasie was nog 'n faktor wat moontlik tot die hoë koerse van toename in die geldvoorraad in die tweede kwartaal van 1995 bygedra het. 'n Vernouing


van die gaping tussen die deposito- en uitleenkoerse van banke soos dit in die eerste ses maande van 1995 ondervind is, bevoordeel gewoonlik die proses van intermediasie. Dit word deur ontwikkelings in die *inkome-omloopsnelheid* van M3 bevestig: nadat die inkome-omloopsnelheid gedurende 1994 en die eerste kwartaal van 1995 betreklik konstant gebly het, het dit in die tweede kwartaal van 1995 met 3,0 persent afgeneem.

Die vernaamste *teenhangers* (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R12,3 miljard in M3 in die tweede kwartaal van 1995 was toenames van R11,6 miljard in die totale binnelandse kredietverlening en R4,2 miljard in die sogenaamde netto ander bates en laste van die monetêre sektor. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die netto buitelandse bates van die monetêre instellings met R3,4 miljard afgeneem: 'n afname in die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n aansienlike toename in die buitelandse lenings van private banke het meer as vergoed vir die afname in die laste verwant aan reserwes van die Reserwebank.


Kredietverlening

Die groei in *totale binnelandse kredietverlening* deur die banksektor oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 19,9 persent in Desember 1994 tot 13,0 persent in Maart 1995 afgeneem het, het in Junie 1995 weer tot 15,3 persent gestyg. Hierdie hoër groei in kredietverlening

Inkome-omloopsnelheid van geld



Kredietverlening aan die private sektor



Tabel 8. Persentasieverandering oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor volgens soort krediet

Tydperk	Beleggings- en wissels	Afbetalings-verkope	Bruikhuur-finansiering	Verbande	Ander lenings en voorskotte	Totaal
1994: Desember	28,0	27,6	7,2	17,9	12,8	17,0
1995: Maart.....	33,6	25,4	7,9	19,6	12,2	17,6
April.....	28,1	26,8	9,0	19,3	18,2	19,5
Mei.....	23,2	28,1	9,5	19,6	16,7	19,1
Junie	27,0	27,8	13,8	19,5	16,7	19,5

deur die monetêre sektor gedurende die tweede kwartaal van 1995 kon aan toenames in sowel die kredietverlening aan die private sektor as in die netto eise teen die regeringsektor toegeskryf word. Die netto kredietverlening aan die *regeringsektor* het skerp met R2,5 miljard gestyg as gevolg van 'n toename van R5,5 miljard in die bruto eise teen die regering wat deels deur die styging van R3,0 miljard in regeringsdeposito's by monetêre instellings teengewerk is.

Kredietverlening aan die *private sektor* het steeds teen aansienlik hoër koerse van toename oor twaalf maande as die breë geldvoorraad gegroei grotendeels as gevolg van 'n verstewiging in verbruikersvertroue wat gevolg het op die suksesvolle uitkoms van die verkiesings in April 1994 en krediet wat beskikbaar gestel is aan individue wat nie voorheen vir banklenings gekwalifiseer het nie. Die feit dat 'n toenemende deel van binnelandse besteding by wyse van bankkrediet gefinansier is, het geleid tot 'n feitlik ononderbroke styging in die groeikoers oor twaalf maande in die kredietverlening van monetêre instellings aan die private sektor van 'n trog van 5,7 persent in Mei 1993 tot 19,5 persent in April 1995; hierdie koers het daarna in die volgende twee maande rondom hierdie hoëvlak gewissel. Hierdie groeikoers het die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks oorskry, met die gevolg dat die reële kredietverlening aan die private sektor oor die twaalf maande tot Junie 1995 met 8,6 persent toegeneem het.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die toename van R9,2 miljard in kredietverlening aan die private sektor in die tweede kwartaal van 1995 hoofsaaklik toegeskryf kan word aan toenames van R4,6 miljard in verbandvoorskotte, R2,3 miljard in afbetalingverkope en R1,5 miljard in sogenaamde "ander lenings en voorskotte" (met inbegrip van oortrokke lopende rekeninge). Hierdie drie soorte kredietverlening het derhalwe gedurende die drie maande tot Junie 1995 ongeveer 92 persent van die toename in kredietverlening aan die private sektor verteenwoordig.

Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het in die tweede kwartaal van 1995 om 'n vlak van 19½ persent gewissel, ten spyte van 'n

laer koers van uitbreiding in die bedrywigheid in die vaste-eiendomsmark. Vanweë die buigsaamheid van sommige van die verbandskemas van banke en die vergelykenderwys lae rentekoerse op verbandvoorskotte word hierdie rekeninge toenemend deur leners gebruik om aankope van duursame en ander verbruiksgoedere te finansier. Banke het hierdie kredietfasilitet bevorder as gevolg van die lae kapitaalvereistes wat daarop van toepassing is en die lae kredietrisiko van sodanige lenings.

In teenstelling met die betreklike bestendigheid in die groeikoers oor twaalf maande van verbandvoorskotte, het die ooreenstemmende groeikoerse in afbetalingverkoopkrediet en "ander lenings en voorskotte" in die tweede kwartaal van 1995 gestyg. Die lewendige vraag na hierdie soorte krediet was ook die gevolg van die finansiering van uitgawes op duursame verbruiksgoedere, in besonder aankope van nuwe en gebruikte motorvoertuie. Bruikhuurfinansiering wat gedurende 1994 en die eerste vyf maande van 1995 traag gebly het, het in Junie 1995 skerp gestyg tot 'n vlak bo die inflasiekoers wat oor 'n tydperk van twaalf maande aangeteken is.


Rente- en opbrengskoerse

Die *opbrengskoerskromme* het in die eerste helfte van 1995 na 'n effens laer vlak verskuif en ietwat meer gelyk verloop namate korttermynkoerse vanweë die verskerping in die monetêre beleidsingesteldheid hoér beweeg het, terwyl langtermynopbrengskoerse effens gedaal het. Die verhoging in die Bankkoers op 22 Februarie 1995 met een persentasiepunt van 13 tot 14 persent en met 'n verdere een persentasiepunt op 30 Junie 1995 tot 15 persent het nie 'n onmiddellike uitwerking van dieselfde omvang op korttermynrentekoerse gehad nie wat reeds in afwagting van die verskerping in monetêre beleid verstewig het. Die tenderkoers op skatkiswissels met 'n looptyd van drie maande het per saldo van 12,69 persent aan die einde van Desember 1994 tot 14,07 persent op 1 Julie 1995 verstewig, wat 'n toename van 138 basispunte verteenwoordig het vergeleke met die styging van 200 basispunte in die Bankkoers oor hierdie tydperk. Hierteenoor het die opbrengskoers op langtermyn-

Korttermynrentekoerse



Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



staatseffekte van die einde van Desember 1994 tot die einde van Julie 1995 met 21 basispunte gedaal.

Opbrengskoerse op die geld- sowel as die kapitaalmark het daarná in Julie en Augustus 1995 gedaal. Die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte het in Augustus 1995 opmerklik gedaal toe hulle met 64 basispunte teruggesak het; korttermynopbrengskoerse het oor dieselfde tydperk met 2 basispunte afgeneem. Hierdie daling in opbrengskoerse is hoofsaaklik veroorsaak deur hernieuwe belangstelling in Suid-Afrikaanse effekte deur nie-inwoners, 'n afname in opbrengskoerse op effekte in die buiteland en laer werklike en verwagte binnelandse inflasie. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het tot 13,88 persent aan die einde van Augustus 1995 afgeneem, terwyl die opbrengskoers op langtermyneffekte ook van 16,69 persent aan die einde van Junie 1995 tot 15,76 persent aan die einde van Augustus 1995 gevallen het.

In noue samehang met die verandering in die Bankkoers aan die einde van Junie 1995 is die *uiteenkoers op prima-oortrekings* van banke op 3 Julie 1995 met een persentasiepunt tot 18,50 persent verhoog. In reaksie op die verhoging in die Bankkoers, het banke ook hul oorheersende koers op *verbandlenings*, wat vanaf Maart 1995 op 17,25 persent gestaan het, in Augustus 1995 tot 18,25 persent verhoog. Die rentekoerse op verbandlenings teen vaste koerse wat in Junie 1995 aangekondig is, sal byvoorbeeld wissel van 20 persent in die geval van lenings tussen R50 001 en R65 000 tot 22,5 persent in die geval van lenings tussen R10 000 en R25 000.


Die oorheersende koers op vaste deposito's van twaalf maande by banke is ook in Junie 1995 met een persentasiepunt tot 14,5 persent verhoog. Dit het die totale styging in hierdie koers sedert die middel van 1994 op 3 persentasiepunte te staan gebring, vergeleke met 'n toename van 2,25 persentasiepunte in die uiteenkoerse op prima oortrekings. In Julie 1995 het die koers op deposito's van twaalf maande aan beleggers 'n reële voorbelaste koers van 5,0 persent gebied.

Die maksimum koerse wat *ingevolge die Woekerwet vasgestel word*, is in April 1995 verhoog van 25,0 tot 26,0 persent ten opsigte van geldlenings, krediet- en verhuringstransaksies vir bedrae van meer as R6 000 maar wat nie R500 000 oorskry nie, en van 28,0 tot 29,0 persent ten opsigte van bedrae tot R6 000.

Geldmark

Geldmarktoestande wat in April 1995 heelwat vernou het, het in die daaropvolgende maande tot die einde van Julie 1995 aansienlik verruum. Dit word duidelik weerspieël deur die akkommodasie soos op maandeindes wat aanvanklik van R2,9 miljard aan die einde van Maart 1995 tot R8,8 miljard aan die einde van April 1995 gestyg het voordat dit aan die einde van Julie 1995 tot R3,2 miljard gedaal het. Hierdie aansienlike afname in die geldmarktekort is hoofsaaklik deur 'n skerp styging van bykans R7 miljard in die netto buitelandse bates van die Reserwebank in Mei 1995 teweeggebring. 'n Skerp toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank as gevolg van die verkope van staatseffekte het die geldmarktekort daarná tot R4,5 miljard aan die einde van

Akkommodasie by die diskontovenster



Augustus 1995 laat styg.

Geldmarktoestande is vanaf die tweede kwartaal van 1995 gekenmerk deur hewige fluktusies wat veroorsaak is deur die veranderings in die netto buitelandse bates van die Reserwebank en in regeringsdeposito's by die Reserwebank. Groot kapitaalvloeiinge tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld het tot 'n wisselvallige verloop in die netto buitelandse bates van die Reserwebank geleid. Dit is vererger deur die oordragbetalings wat aan die begin van elke maand deur die sentrale regering aan die nege provinsies gemaak word, en wat in sekere gevalle tot aansienlike veranderings in die regeringsdeposito's by die Reserwebank aanleiding gegee het.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende hierdie tydperk was hoofsaaklik daarop gemik om oormatige likwiditeit teen te werk ten einde die herfinansieringsfasiliteteite doeltreffend te hou. Die baie groot fluktusies in die geldmarktekorte wat in die vyf maande tot Augustus 1995 voorgekom het, is deur Reserwebankoptredes soos valutaruitransaksies, aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die daaglikse bestuur van regeringsdeposito's by die Reserwebank teengewerk.

Effektemark


Net soos in 1994 en in die eerste drie maande van 1995, is die bedrywigheid in die binnelandse *primère effektemark* in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 (dit wil sê die tydperk April 1995 tot Maart 1996) heeltemal deur die openbare sektor oorheers. Netto nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite deur

die openbare sektor het gedurende die tydperk R11,7 miljard beloop; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar het die openbare sektor R7,0 miljard op hierdie manier ingesamel. Genoteerde private maatskappye het nie veel fondse deur nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele, skuldbriewe en maatskappyobligasies) verkry nie. In die vier maande van April tot Julie 1995 is uitgifte ten bedrae van R0,9 miljard deur genoteerde maatskappye in die private sektor gemaak.

'n Aantal maatskappye het egter in die tweede kwartaal van 1995 voortgegaan om kapitaal ten bedrae van R0,7 miljard deur middel van uitgifte van omskepbare effekte in buitelandse markte op te neem. In die agtien maande van Januarie 1994 tot Junie 1995 het private maatskappye 'n totaal van R2,1 miljard op dié manier verkry omdat internasionale beleggers bereid was om posisies in te neem op basis van die siening dat die verdienste van Suid-Afrikaanse maatskappye aanloklike groeivoorsigte bied. Optredes om kapitaal te werf het hierdie vraag benut en in sommige gevalle is deviesebeheergoedkeuring verkry dat Suid-Afrikaanse maatskappye 'n sekere persentasie van die opbrengste in die buitenland mag hou om internasionale uitbreidings mee te finansier. In Julie 1995 het die Reserwebank ook aangekondig dat toestemming vir die uitriling van internasionale bates in sekere gevalle aan versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en effektetrusts verleen sal word.

Die bedrywigheid in die sekondêre effektemark het in die tweede kwartaal van 1995 verder afgeneem. Nadat die maandelikse gemiddelde waarde van effekte wat op

Effektebeurstransaksies



die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is in die derde kwartaal van 1994 'n hoogtepunt van R98,2 miljard bereik het, is dit in die tweede kwartaal van 1995 gehalveer tot R49,0 miljard. In Julie en Augustus 1995 het die waarde van hierdie transaksies onderskeidelik R49,2 miljard en R111,8 miljard bedra. Die hoër vlak van effekte van die openbare sektor wat in Augustus verhandel is, is in 'n groot mate beïnvloed deur die skerp daling in die langtermynopbrengskoerse gedurende hierdie maand.

Die hoë vlak van likwiditeit het die afskaling van die Reserwebank se rol as markmaker in die sekondêre mark vir staatseffekte moontlik gemaak. Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het gevvolglik ietwat afgeneem van 'n maandelikse gemiddelde waarde van R13,7 miljard in 1994 tot R6,9 miljard in die eerste sewe maande van 1995. Die Bank het ook oor dieselfde tydperk sy verhandeling in opsigte op staatseffekte van 'n maandelikse gemiddeld van R7,4 miljard tot R5,5 miljard verminder.

Nie-inwoners was aktief in die sekondêre effektemark betrokke. In Februarie 1995 het hulle netto verkopers van effekte van die openbare sektor geword, waarskynlik in afwagting van die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel. Hierdie verkope het in die week voor en na die afskaffing van die finansiële rand betekenisvol toegeneem. Alles inaggenome, was nie-inwoners in die eerste kwartaal van 1995 netto verkopers van effekte ten bedrae van R363 miljoen. Met die betreklik bestendige eksterne waarde van die rand, was die opbrengskoers op langtermyneffekte vir buitelandse beleggers aantreklik en het dit tot totale netto aankope van staatseffekte deur nie-inwoners van R1,1 miljard gedurende die vyfmaandetydperk van April tot Augustus 1995 geleei.


Aandelemark

Die vraag na fondse in die *primêre aandelemark* het in die eerste sewe maande van 1995 as gevolg van hoë en stygende aandelepryse en 'n tekort aan waardepapier bestendig gebly. Nadat R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 opgeneem is, het die waarde van regte-uitgiftes van gewone aandele in die vier maande tot Julie 1995 op R1,8 miljard te staan gekom. Die waarde van aandele wat in die plek van kontantdividende uitgereik is, het ook gewild gebly as gevolg van die Sekondêre Belasting op Maatskappye wat die verklaring van kontantdividende ontmoedig het.

Die omset in die sekondêre aandelemark is teen die einde van 1994 en gedurende die grootste deel van die eerste sewe maande van 1995 negatief beïnvloed deur die hoë vlak van rentekoerse en die swak vertoning van aandelemarkte wêreldwyd. Die maandelikse gemiddelde waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van R6,0 miljard in 1994 tot R4,3 miljard van Januarie tot April 1995 gedaal, maar in die daaropvolgende vier maande in samehang met die herstel van die belangrikste aandelemarkte in die wêreld ietwat tot R5,4 miljard herstel.

Aangespoor deur die afskaffing van valutabeheermaatreëls op *nie-inwoners* en die insluiting van die Johannesburgse Effektebeurs in die Internasionale Finansiële Korporasie se indeks vir opkomende markte, het die netto aankope van aandele deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs van R0,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R2,0 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Gedurende Julie en Augustus was daar verdere netto aankope van R1,0 miljard, wat die totale

Aandelepryse



netto aankope van aandele deur nie-inwoners gedurende die eerste agt maande van 1995 op R3,8 miljard te staan gebring het. Die bruto aankope deur nie-inwoners in verhouding tot die totale waarde van aandele wat verhandel is, het gevvolglik van 31,4 persent in 1994 in die geheel tot 41,9 persent in die eerste agt maande van 1995 toegeneem.

Die afwaartse beweging in *aandelepryse* van November 1994 tot Februarie 1995 is daarna omgekeer deur faktore soos die hoër maatskappywinstes en pogings om buitelandse belegging in Suid-Afrika aan te moedig. Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het dienooreenkomsdig van Februarie tot Mei 1995 met 6,9 persent verbeter, waarna dit in die volgende drie maande weer met 1,6 persent teruggesak het. In Augustus 1995 was die prysvlak van alle klasse aandele 6,1 persent onder die boonste draaipunt van November 1994.

Nadat die pryse van goudmynaandele in September 1994 'n nuwe rekordhoogtepunt bereik het, het die laer goudmynbouwinstes, arbeidsonrus op sekere myne en die ontginning van gouddraende erts van 'n laer graad, die pryse van goudmynaandele gedurende 1995 verder afgedruk. Ondanks 'n effense herstel in April 1995, was die vlak van die pryse van goudmynaandele in Augustus nog steeds 34,9 persent onder die hoogtepunt van September 1994.


Die gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse aandele, wat veranderings in *aandelepryse* weerspieël het, het eers van 2,50 persent in Maart 1995 tot 2,35 persent in Mei afgeneem en toe tot 2,54 persent in Augustus gestyg. Die gemiddelde *verdienste-opbrengskoers* op alle klasse aandele (uitgesonderd goudmynbou-aandele) het van 5,95 persent in Maart 1995 tot 6,29 persent in Augustus toegeneem.

Ander finansiële markte

Die bestendige toestande in die mark in buitelandse valuta, 'n afname in die betrokkenheid van nie-inwoners en 'n groter omsigtigheid ten opsigte van termynbeurstransaksies het veroorsaak dat die vlak van bedrywigheid op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs in die tweede kwartaal van 1995 begin afneem het. Die omset in *termynkontrakte* het teruggesak van 'n nuwe kwartaalklike rekordhoogtepunt van 1,4 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,7 miljoen kontrakte in die tweede kwartaal van 1995. Die grootste deel van hierdie transaksies het bestaan uit *aandeletermynkontrakte*, terwyl bedrywigheid in *rentekoerskontrakte* laag gebly het en die omvang van transaksies in die Krugerrandtermynkontrak en die nuwe Bankakseptermynkontrak betreklik onbeduidend was. Die verhandeling in kommoditeits-termynkontrakte het op 31 Julie 1995 begin met die beesvleistermynkontrak as enigste kontrak wat aanvanklik verhandel word.

Die aantal opsies op termynkontrakte het van 'n rekord 1,5 miljoen kontrakte in die eerste kwartaal van 1995 tot 0,6 miljoen kontrakte in die tweede kwartaal gekrimp. Aandele-opsies het ook die totale posisie in

Termynbeurstransaksies: Termynkontrakte



opsiekontrakte oorheers, met weinig bedrywigheid in opsies op termynkontrakte wat op rentekoerse gebaseer is. Opsies op die nuwe kommoditeitstermynkontrakte is nog nie in die formele mark beskikbaar nie en word slegs in die oor-die-toonbank-mark verhandel.

Oop posisies in termynkontrakte en opsies op termynkontrakte wat op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs verhandel word, het aansienlik toegeneem. Op die grondslag van merk-tot-mark-pryse het die totale oop posisie van aandeletermynkontrakte en opsies soos met afsluiting van sake op 31 Augustus 1995, R4,8 miljard beloop.

Soos reeds aangedui is, het die *verbandmark* gedu-

rende die eerste ses maande van 1995 sterk vertoon, ten spyte van 'n ietwat meer gedempte huismark en 'n dooierige handels- en nywerheidsverhuringsmark in die eerste kwartaal van 1995. Die finansiering van die verbandmark kan in die toekoms beïnvloed word deur die owerheid se massabehuisingsprogram wat in Junie 1995 geloods is.


Beleggers in vaste eiendom het teen die einde van 1994 versigtiger geword en die waarde van transaksies in die *vaste-eiendomsmark* het van 'n hoogtepunt van R8,4 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R 7,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 verminder voordat dit in die tweede kwartaal van 1995 tot R8,2 miljard herstel het. Die verhoging in die prys van vaste eiendom, die voortgesette hoë nominale en reële verbandkoers en verwagtings van 'n verdere styging in rentekoerse was waarskynlik hoofsaaklik vir die laer vlak van transaksies in vaste eiendom verantwoordelik.

Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) het R9,1 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 beloop, of 7,8 persent van die bruto binnelandse produk. Dit was betekenisvol laer as die tekort van R12,7 miljard, of 12,0 persent van die bruto binnelandse produk, wat in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar aangeteken is. Soos in tabel 9 aangetoon word, was hierdie laer leningsbehoefte van die openbare sektor moontlik die

Leningsbehoefte van die openbare sektor



Tabel 9. Leningsbehoefte van die openbare sektor

R miljarde

Fiskale jare		Hoof-begroting	Provinsiale regerings	Plaaslike owerhede	Ander openbare sektor	Totaal
1994/95	1e kw.....	10,9	1,1	0,8	0,0	12,7
	2e kw.....	4,8	0,5	-0,6	-0,1	4,7
	3e kw.....	4,3	0,6	0,1	1,5	6,4
	4e kw.....	4,7	0,2	0,3	-0,5	4,6
1995/96	1e kw.....	11,0	-2,0	0,7	-0,5	9,1

gevolg van spesiale omstandighede wat met die konstitusionele veranderinge in Suid-Afrika verband gehou het.

Administratiewe probleme waarmee die nuutgestigte provinsiale regerings te kampe gehad het, het hul besteding aan bande gelê. Waar die totale besteding deur die provinsiale regerings gewoonlik hul totale inkomse en oordragte oorskry het, is 'n oorskot van R2,0 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 aangeteken. Hierdie oorskot het in 'n groot mate die verswakking in die finansies van die Hoofbegroting teengewerp, waar die tekort ondanks die addisionele opbrengs van R1,2 miljard uit die verkoop van strategiese oliereserwes in April 1995 op R11,0 miljard te staan gekom het.

Die afwenteling van sekere magte van die sentrale regering na die provinsiale regerings het ook 'n merkbare invloed op die besteding van die Hoofbegroting gehad. Hierdie konstitusionele veranderings in die fiskale betrekkinge tussen owerhede het tot 'n skerp toename in die oordragbetalings vanaf die Hoofbegroting na die provinsiale regerings geleid. Die oordragbetalings in die Hoofbegroting was in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 gevoldig nie minder nie as 60,5 persent hoër as in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95. Daarteenoor het die besteding van die Hoofbegroting op goedere en dienste oor dieselfde tydperk met 32,3 persent afgeneem.

In vergelyking met die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1994/95, het die finansies van die plaaslike owerhede en ander entiteite in die openbare sektor in die


eerste kwartaal van die fiskale jaar 1995/96 verbeter. Die plaaslike owerhede het steeds 'n betreklik lae leningsbehoefte gehandhaaf as gevolg van groot toenames in die heffings wat op hul inwoners ingestel is. Die oorskot op die inkomse- en bestedingsrekeninge van die ander entiteite in die openbare sektor was hoofsaaklik te danke aan die gunstige resultate in die finansies van die buitebegrottingsinstellings, die nie-finansiële openbare korporasies en die ondernemings van die sentrale owerheid.

Skatkisrekening


Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (aangepas om kontantvloeiinge te weerspieël) was in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 17,5 persent hoër as die vergelykbare syfers in die eerste vier maande van die voorafgaande jaar. Hierdie koers van toename was heelwat hoër as die gemiddelde koers van toename van 13,9 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare en ook aansienlik hoër as die koers van toename van 9,0 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar 1995/96 voorsien is. 'n Groot deel van hierdie toename was die gevolg van 'n verskuiwing in die patroon van rentebetalings na die eerste vier maande van die fiskale jaar vanweë nuwe rentebetalingsdatums op skuld wat in die voorafgaande fiskale jaar uitgereik is. In verhouding tot die totale begrote besteding van R152,7 miljard vir die fiskale jaar 1995/96, het die skatkisuitreikings van R51,9 miljard in die eerste vier maande van die jaar 34,0 persent beloop.

Skatkisontvangste het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 R39,0 miljard of 13,5 persent

Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



Skatkisontvangste en -uitreikings



meer as die vergelykbare vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar bedra. Hierdie toename in die eerste vier maande was ook aansienlik hoër as die begrote toename van 10,3 persent in die staatsinkomste vir die volle fiskale jaar 1995/96.

Die invorderings van Binnelandse Inkomste was in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 grotendeels verantwoordelik vir die hoér-as-verwagte toename in staatsinkomste. As gevolg van die hoë vlak van ekonomiese bedrywigheid, die betreklike skerp stygings in salaris- en loonaanpassings en die relatiewe groot netto winste van sake-ondernemings, het die ontvangste uit inkomste vinniger gestyg as wat in die Begroting in die vooruitsig gestel is. Inkomstebelasting-invorderings kan moontlik hierdie goeie prestasie in die oorblywende deel van die fiskale jaar handhaaf omdat die oorgangsheffing wat in die vorige fiskale jaar ingestel is in die individuele belastingkoerse van toepassing op die fiskale jaar 1995/96 geïnkorporeer is, en die laaste deel van die oorgangsheffing (1,67 persent) deur die hele fiskale jaar gevorder sal word. Die opbrengs van belasting op toegevoegde waarde was ook hoër as wat in die Begroting voorsien is weens die voortgesette hoë toename in die binnelandse besteding.

Staatsinkomste uit doeane- en aksynsregte het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 met 6,0 persent teenoor die eerste vier maande van die voorafgaande jaar afgeneem. In die Begroting is voorsiening gemaak vir 'n toename van 4,3 persent uit hierdie bron van inkomste vir die volle fiskale jaar 1995/96. Hierdie betreklike swak prestasie van die ontvangste uit doeane- en aksynsregte was te wyte aan die gedeeltelike afskaffing van die bo-belasting in die voorafgaande jaar wat eers vanaf Augustus 1994 'n invloed op hierdie ontvangstes begin toon het. Die inkomste-ontvangste uit bo-belasting het dus van die eerste vier maande van die fiskale jaar 1994/95 tot die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 met meer as die helfte verminder.

Die hoér-as-verwagte skatkisuitreikings en -ontvangstes het 'n tekort voor lenings en skuldaflossing van R12,9 miljard vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1995/96 veroorsaak. Hierdie tekort was gelyk aan 43,3 persent van die begrote tekort van R29,7 miljard vir die volle jaar. Die tekort vir die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1994/95 het 37,7 persent van die begrote tekort vir daardie jaar beloop.

Die tekort van R12,9 miljard, plus die diskonto op die uitreiking van nuwe staatseffekte van R3,6 miljard, is deur middel van die volgende *leningsinstrumente* gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte.....	16 746
Skatkiswissels.....	566
Buitelandse lenings	1 301
Nie-bemarkbare sekuriteite.....	-38
Geldmarkinstrumente	7
Buitengewone ontvangste	1 203
Verandering in beskikbare kontantsaldo's by die:	
Reserwebank.....	-1 208
Banke	-2 081
Totale finansiering	16 496
Min: diskonto op nuwe staatseffekte	3 621
Totale netto finansiering	12 875

As gevolg van hierdie finansiering van die Skatkis-tekort het die uitstaande *staatskuld* van R245,3 miljard aan die einde van Maart 1995 tot R264,0 miljard aan die einde van Julie 1995 toegeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het staatskuld aan die einde van Julie 1995 57,8 persent beloop.

Tabel 10. Persentasietoename in skatkis-ontvangste, 1995/96

	Begrote toename	Toename in eerste vier maande*
Skatkisontvangste.....	10,3	13,5
Doeane- en aksynsregte ...	4,3	-6,0
Binnelandse inkomste	11,2	19,7
Inkomstebelasting	11,4	12,7
Belasting op toegevoegde waarde.....	13,0	15,9

* Koers van jaar tot jaar

Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

29 Junie 1995

Die Reserwebank was in onlangse maande traag om sy uitleenkoerse te verhoog weens die dubbelsinnige seine wat deur die finansiële en reële ekonomiese aanwysers van heersende neigings in die ekonomie uitgestuur is. Teen die agtergrond van die verlangsaming in beide die bruto binnelandse produksie en die bruto binnelandse besteding gedurende die eerste kwartaal van 1995, was daar moontlik twyfelagtige aanduidings dat die koers van toename in die binnelandse kredietverlening deur banke en in die geldvoorraad die verlangsaming in die koers van uitbreiding in totale reële ekonomiese bedrywigheid sou volg. Terselfdertyd het die daagliks geldmarktekort onlangs redelik stabiel op 'n relatief laevlak van tussen R1 en R2 miljard gebly, 'n aanduiding van die aanwesigheid van voldoende likwiditeit in die banksektor. Daar was gevoldig geen oormatige opwaartse druk op rentekoerse nie.

Syfers oor die totale kredietverlening deur banke gedurende April 1995 en oor die geldvoorraad soos aan die einde van Mei 1995, toon egter nou 'n verdere aansienlike toename in hierdie twee belangrike finansiële groothede ná die einde van die eerste kwartaal. Oor die twaalf maande tot April 1995 het die totale eise van die banksektor teen die binnelandse private sektor met 19,5 persent toegeneem, vergeleke met 17,5 persent in Maart. Die koers van toename in die M3-geldvoorraad het van 14,9 persent in April tot 15,8 persent in Mei gestyg.

Beide die produksieprys- en verbruikersprysinflasie het ook gedurende onlangse maande verder toegeneem. Oor die twaalf maande tot April 1995 het die totale produksieprysindeks met 11,5 persent gestyg, terwyl die indeks vir verbruikerspryse met 11 persent toegeneem het. In Mei 1995 het die koers van toename oor twaalf maande in verbruikerspryse egter effens tot 10,8 persent teruggesak.

Onbestendige veranderings in die netto goud- en buitelandse valutareserves gedurende onlangse maande het tot die ingewikkeldheid van die huidige finansiële toestand bygedra. In April 1995 het die totale netto buitelandse reserves van die Reserwebank met R4,1 miljard gedaal, gevolg deur 'n toename van R5,8 miljard in Mei. Die aanduidings is dat die Reserwebank se netto buitelandse reserves in Junie weer sal toeneem, hoewel met minder as die opbrengs van R1,3 miljard van die Samurai-leningsuitgifte wat vroeër hierdie maand deur die Regering gemaak is.

Die onderliggende inflasiedruk is ongetwyfeld weer besig om in die Suid-Afrikaanse ekonomie toe te neem, aangemoedig deur onder andere loonstygings, die depresiasie van die wisselkoers oor die afgelope jaar, die versnelling in die koerse van toename in die belangrikste monetêre totale en die groeiende verwagting dat die

inflasiekoers voortdurend gaan styg. Indien dit ongehinderd voortgaan, sal hierdie neiging uiteindelik die welkome verbetering oor die afgelope jaar in reële ekonomiese groei dwing om op nijs uit te loop nie, en ook die doelstellings van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram in die wiele ry. Die Reserwebank se verdraagsaamheid teenoor die onhoudbare groot toenames in bankkredietverlening en in die geldvoorraad, wat onlangs alreeds wyd gekritiseer is, kan nie langer verdedig word nie. Die risiko bestaan dat indien regstellende optrede nou vertraag word, die gevaar van 'n pynliker aanpassing in die toekoms geloop sal word.

Die Bank het gevoldig besluit om die Bankkoers en verwante uitleenkoerse onmiddellik met een persentasiepunt te verhoog. Vanaf 30 Junie 1995 word die Bankkoers, dit wil sê die koers waarteen die Reserwebank bereid is om lenings aan bankinstellings by die diskontovenster beskikbaar te stel, van 14 tot 15 persent verhoog. Die effektiewe koste van Reserwebankakkommodasie word dus vir alle bankinstellings met een persentasiepunt verhoog. Soos die gebruik is, sal elke bankinstelling self oor sy eie deposito- en uitleenkoerse besluit, met inagneming van die styging van een persentasiepunt in die Bankkoers.

Verklaring uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, oor valutabeheer en oor die termynvalutamark

13 Julie 1995

1. Belegging in die buiteland deur Suid-Afrikaanse institusionele beleggers

In die aankondiging oor die afskaffing van die finansiëlerandstelsel op 10 Maart 1995 het die Minister van Finansies melding gemaak van die vraag na buitelandse bates deur verskeie soorte institusionele beleggers ten einde hulle in staat te stel om 'n wyer verspreiding van hul bates te bewerkstellig. Die Reserwebank het daarna 'n voorlegging aan die Regering gedoen en sekere verdere verslappings in valutabeheer voorgestel, wat onlangs deur die Kabinet goedgekeur is.

Ten einde versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en effektetrusts te help om hierdie doel te bereik, is daar besluit om sodanige instellings in hierdie stadium toe te laat om 'n deel van hul bates in die buiteland te belê. Dit sal die betrokke institusionele beleggers in staat stel om die belang van hul kliënte, naamlik die breër publiek, beter te dien. Daar moet op gelet word dat hierdie instellings tans in totaal fondse ten bedrae van ongeveer R500 miljard administreer met slegs geringe beleggings in buitelandse bates. Met inagneming van die betreklik laevlak van die land se buitelandse reserwes wat tans ongeveer R12,5 miljard beloop, kan daar in hierdie stadium nie goedkeuring vir die vrye oordrag van buitelandse valuta vir beleggingsdoeleindes verleen word nie.

Op advies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het die Regering dus besluit om, as 'n eerste stap, dié soort instellings waarna hierbo verwys is, toe te laat om voorstelle aan die deviesebeheerowerhede voor te lê waarvolgens hulle buitelandse bates kan bekom by wyse van ruilreëlings wat vir die uitruil van 'n deel van hul bestaande bateportefeuilles vir buitelandse bates met buitelandse beleggers voorsiening maak. Die beginsels hierby betrokke sal ook met die Raad op Finansiële Dienste bespreek word om te verseker dat aan alle wetsvereistes, byvoorbeeld ten opsigte van binnelandse batedekking, voldoen word. Voorstelle deur hierdie instellings, wat maatreëls insluit om die buitelandse valutareserwes te beskerm teen die daaropvolgende onttrekking uit Suid-Afrika van die wederkerige nie-inwoner beleggings, kan nou vir oorweging aan die Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorgelê word. Elke aansoek sal op sy eie meriete oorweeg word. Indien toenames in die buitelandse reserwes dit in die toekoms sou toelaat, kan hierdie bateruilings moontlik ook deur kontanttoewysings aan Suid-Afrikaanse institusionele beleggers vir doeleindes van die verkryging van buitelandse bates aangevul word.

Hierdie reëling moet as 'n verdere stap in die proses van geleidelike verslapping van valutabeheer beskou word.

2. Termynvalutamark

Ingevolge die reëlings wat reeds vir 'n geruime tyd geld, het die Reserwebank vir baie jare valutatermyndekking verskaf aan sowel betalers as ontvangers van buitelandse valuta ten opsigte van Suid-Afrika se internasionale transaksies in goedere, dienste en kapitaal. Die Reserwebank het die koerse vir termyndekking vir verskillende looptye vasgestel op grond van die verskille tussen Suid-Afrikaanse en vergelykbare internasionale rentekoerse. Winste en verliese op hierdie transaksies was vir die rekening van die Tesourie.

Sowel die Departement van Finansies as die Reserwebank het van tyd tot tyd die wens uitgespreek om die Reserwebank se betrokkenheid by die termynvalutamark te verminder wanneer omstandighede dit sou toelaat. As gevolg van die buitelandse valutaprobleme wat Suid-Afrika sedert 1985 ondervind het, insluitende groot verpligtings om buitelandse skuld terug te betaal en die lae vlak van die land se netto buitelandse reserwes, is geen vordering gedurende hierdie tydperk met die bereiking van hierdie doelwit gemaak nie.

In die lig van die politieke veranderings wat in Suid-Afrika plaasgevind het, gevolg deur die normalisering van Suid-Afrika se internasionale ekonomiese en finansiële betrekkinge en die verbetering in die buitelandse reserwepositie, het dit nou wenslik geword om die Reserwebank se rol in die termynvalutamark te heroorweeg. Stappe word nou in die vooruitsig gestel om die Reserwebank se betrokkenheid in die korttermyn-termynvalutamark te begin verminder. Die Reserwebank is van voorneme om in die toekoms:

- (a) slegs termyndekking aan gemagtigde valutahandelaars teen dokumentêre bewys van buitelandse financieringstransaksies te verskaf; en
- (b) om dit aan uitvoerders en invoerders van goedere en dienste oor te laat om 'n "private" termynmark in samewerking met die gemagtigde valutahandelaars te ontwikkel – die Reserwebank kan van tyd tot tyd besluit om aan hierdie mark deel te neem, maar dan op sy eie inisiatief.

Die mark is reeds aangemoedig om in hierdie rigting te begin ontwikkel en die koerse wat deur die Reserwebank vir termyndekking gekwoteer word, sal binnekort beperk word tot onderliggende buitelandse financieringstransaksies wat deur die Reserwebank goedgekeur is. Besonderhede oor aanvaarbare transaksies sal binne enkele dae deur die Reserwebank aan die gemagtigde valutahandelaars beskikbaar gestel word. Opgolgappe

sal mettertyd gedoen word om die Reserwebank se betrokkenheid by die termynvalutamark te verminder, byvoorbeeld deur geleidelik minder gunstige koerse vir buitelandse finansieringstransaksies te kwoteer.

Waar nodig, sal die valutabeheerreëls en -regulasies wat op bateruiltransaksies en die termynmark betrekking het, mettertyd aangepas word. Sodra die private mark wat deur die gemagtigde valutahandelaars ondersteun word, stewig gevestig is en sonder die gereelde deelname deur die Reserwebank funksioneer, sal 'n verdere hersiening van die betrokke reëls en regulasies oorweeg word.

Voorraadinvestering in Suid-Afrika

deur H. Smith en J.P. van den Heever

Inleiding

Voorraadinvestering lewer 'n aansienlike bydrae tot die korttermynveranderings in die bruto binnelandse produk. In Suid-Afrika is tot dusver betreklik min navorsing gedoen om 'n beter begrip van die veranderings in voorrade en die invloed daarvan op totale produksie en besteding te verkry. Die doel met hierdie artikel is om 'n aantal belangrike veranderings in voorraadinvestering in Suid-Afrika sedert die begin van die sestigerjare te ondersoek en te verklaar.

Eerstens word die rol en meting van voorraadinvestering in die nasionale rekeninge beskryf. Tweedens word die beweegredes om voorrade te besit, bespreek. Daarna word die strukturele veranderings ontleed wat in voorraadinvestering in Suid-Afrika plaasgevind het alvorens die verwantskap tussen voorradaveranderings en die konjunktuur ondersoek word. Die artikel word afgesluit met die spesifikasie en skatting van 'n ekonometriese model van voorraadinvestering.

Voorrade in die nasionale rekeninge

Deelnemers aan die prosesse van produksie en besteding kan in vier sektore verdeel word, naamlik sakeondernemings, die algemene owerheid, huishoudings en nie-inwoners. Die grondliggende prosesse of vorme van ekonomiese bedrywigheid is produksie, verbruik, kapitaalvorming en transaksies met die res van die wêreld. Die transaksies wat betrekking het op elkeen van hierdie prosesse vir die onderskeie sektore word in die verskillende sub-rekeninge van die nasionale rekeninge aangeteken.

Kapitaalvorming, of bruto binnelandse investering, verteenwoordig 'n toename of 'n afname in voorrade en

bruto toevoegings tot vaste bates. Die *verandering* in voorrade, en nie die *boekwaarde* nie, word in die nasionale rekeninge aangeteken. Die bruto binnelandse produk is die waarde van alle finale goedere en dienste wat gedurende 'n sekere tydperk, byvoorbeeld 'n jaar, binne die grense van 'n land geproduseer word. Bestaande voorrade aan die begin van die tydperk word derhalwe uitgesluit omdat dit in vorige tydperke geproduseer is. Slegs die toevoegings tot en onttrekings uit voorrade, met ander woorde die verandering in voorrade gedurende 'n bepaalde tydperk, maak deel uit van die bruto binnelandse produk van daardie tydperk. Voorrade bestaan uit grondstowwe, halfklaar- en klaarprodukte.


Tabel 1 toon die bruto binnelandse produk- en bestedingsrekening, met ander woorde die gekonsolideerde produksierekening vir die ekonomie in die geheel. Die som van die bestedingstotale aan die regterkant van tabel 1 is, per definisie, gelyk aan die bruto binnelandse produk aan die linkerkant. Die bruto binnelandse produk en die verskillende bestedingstotale word geraam op grond van 'n groot aantal inligtingsbronne waarvan die akkuraatheid en betroubaarheid aansienlik kan verskil. As gevolg van metingsfoute, is dit onwaarskynlik dat die raming van totale produksie presies gelyk aan die raming van totale besteding sal wees. Die verskil tussen hierdie twee ramings word as 'n respos aangedui en word aan die regterkant van die rekening ingesluit. Hierdie respos, of balanseringstotaal, word as deel van die bruto binnelandse besteding beskou omdat aanvaar word dat die geraamde totale van die binnelandse besteding aan 'n groter foutegrens onderhewig is as die ramings van die bruto binnelandse produk en die transaksies met die res van die wêreld.

Tabel 1. Bruto binnelandse produk en besteding, 1994

R miljoene

Netto binnelandse produk teen faktorkoste (faktorinkome)	323 024	Private verbruiksbesteding	256 320
Voorsiening vir waardevermindering	59 537	Owerheidsverbruiksbesteding	91 349
Indirekte belasting	57 736	Bruto binnelandse vaste investering	68 101
min: Subsidies	7 544	Verandering in voorrade	10 209
		Respos	-1 493
		Bruto binnelandse besteding	424 486
		Uitvoer van goedere en nie-faktordienste ..	102 682
		min: Invoer van goedere en nie-faktordienste ..	94 415
Bruto binnelandse produk teen markpryse	432 753	Besteding aan bruto binnelandse produk	432 753

Grafiek 1: Die verandering in reële voorrade en die verandering in reële bruto binnelandse produk



Voorraadinvestering, saam met private verbruiksbesteding, verbruiksbesteding deur die algemene owerheid en bruto binnelandse vaste investering, maak deel uit van die totale bruto binnelandse besteding. Voorraadinvestering dra daarom by, ten minste agterna gesien, tot die omvang van die bruto binnelandse produk deur sy regstreekse invloed op die totale vraag (kyk grafiek 1).

Die verandering in voorrade word ook in die gekonsolideerde kapitaalfinansieringsrekening vir die

ekonomiese in die geheel weerspieël (kyk tabel 2). Dit maak deel uit van die bruto binnelandse investering aan die linkerkant van die rekening. Die regterkant van die rekening toon die interne en eksterne bronne van finansiering aan, wat gesamentlik die bruto besparing uitmaak wat tot die beskikking van die ekonomie is. Voorraadinvestering het daarom 'n regstreekse uitwerking op die aanwending van investeerbare fondse in die ekonomie.

Hoewel produksie en verkope ekonomiese prosesse

Tabel 2. Bruto binnelandse investering en finansiering, 1994

R miljoene

Bruto binnelandse vaste investering	68 101	Netto besparing	
Verandering in voorrade	10 209	Persoonlike besparing	9 717
		Maatskappybesparing	24 957
		Owerheidsbesparing	-17 990
		Waardevermindering	59 537
		Bruto binnelandse besparing	76 221
		Netto kapitaalinvloei vanaf die res van die wêreld	5 209
Bruto binnelandse investering	78 310	Verandering in goud- en ander buitelandse reserwes ¹	-3 120
		Finansiering van bruto binnelandse investering	78 310

1. Toename -, afname +.

is wat deurlopend op grond van die vraag- en aanbodtoestande aanpas, is hulle selde in 'n bepaalde tydperk presies gelyk aan mekaar. Die verskil tussen vraag en aanbod word in die verandering in voorrade weerspieël. 'n Toename in die vlak van voorrade beteken dat 'n deel van produksie nie verkoop is nie. Omgekeerd, geld dat waar voorraadvlakte afneem, verkope meer is as produksie.

Veranderings in voorrade kan beplan of onbeplan wees. In Keynesiaanse modelle speel onbeplante voorraadinvestering dikwels 'n sentrale rol in die verklaring van ekonomiese uitbreidings en inkrimpings. Empiries word die beplante en onbeplante dele van voorraadinvestering egter nie afsonderlik gemeet nie.

Vir doeleindeste van die nasionale rekeninge moet die verandering in voorrade gedurende 'n gegewe tydperk bereken word as die fisiese verandering in voorrade gewaardeer teen die markpryse wat gedurende daardie tydperk geheers het. Die standaardverslagdoeningstydperk in Suid-Afrika is 'n kalenderkwartaal. As die mees praktiese benadering vir die verkryging van die beste raming vir doeleindeste van die nasionale rekeninge, word die verskil tussen die fisiese vlakke van voorrade aan die begin en aan die einde van 'n kwartaal gewaardeer teen die prys wat in die kwartaal geld. Die aangetekende waardes van voorrade aan die begin en die einde van 'n kwartaal, dit wil sê die heersende boekwaardes van voorrade, word herwaarde om vlakke teen konstante pryse te weerspieël. Die verskil tussen die herwaardeerde voorrade aan die einde en aan

die begin van die kwartaal meet die fisiese verandering in voorrade oor die kwartaal. Hierdie fisiese verandering in voorrade vir die kwartaal word herwaardeer teen die gemiddelde prys wat gedurende die kwartaal geheers het. Die verskil tussen die herwaardeerde fisiese veranderings in voorrade en die veranderings in die heersende boekwaardes is die aansuiwing vir voorradawaardering, oftewel die verandering in die waarde van voorrade as gevolg van prysveranderings.

Soos in tabel 3 aangetoon word, kan veranderings in voorrade vanaf hoeveelheids- of boekwaardegegewens bereken word. Indien die werklike fisiese hoeveelhede van voorrade wat aan die einde van 'n kwartaal deur 'n sakeonderneming of 'n sektor gehou word, bekend is, is die raming van voorraadinvestering eenvoudig. Die verandering in fisiese hoeveelheid gedurende 'n kwartaal word met die gemiddelde prys van die betrokke produk vir daardie kwartaal vermenigvuldig. Hierdie metode van berekening word trouens gebruik vir die bepaling van die veestapel en goudvoorraade.

In meeste gevalle is slegs boekwaardes van voorrade aan die einde van 'n kwartaal egter beskikbaar. Boekwaardes kan verander as gevolg van veranderings in hoeveelhede of as gevolg van veranderings in die prys waarteen voorrade waardeer word. Om voorraadinvestering vir die doeleindeste van die nasionale rekeninge te verkry, moet die verandering in boekwaardes as gevolg van prysveranderings geskei word van die totale verandering. Om dit te kan doen, word die boekwaardes met 'n gepaste komponent van die produksieprysindeks

Tabel 3. Die berekening van voorraadinvestering

(a) Uit hoeveelheidsgegewens			
Hoeveelheid aan die einde van tydperk 0.....			20 eenhede
Hoeveelheid aan die einde van tydperk 1.....			35 eenhede
Verandering in hoeveelheid			15 eenhede
Gemiddelde prys per eenheid.....			R1 000
Voorraadinvestering.....			R15 000
(b) Uit boekwaardegegewens			
	Heersende boekwaarde	Prysindeks (tydperk 0-pryse)	Konstanteprys-boekwaarde
(i) Waarde aan die einde van tydperk 0.....	R4 000	100	R4 000
(ii) Waarde aan die einde van tydperk 1.....	R5 500	110	R5 000
(iii) Verandering in boekwaarde	R1 500		R1 000
Aansuiwing vir voorradawaardering:			
(iv) Verandering in konstanteprys-boekwaarde (reële voorraadinvestering)		R1 000	
(v) Gemiddelde prysindeks gedurende tydperk 1.....		105	
(vi) Voorraadinvestering teen heersende pryse ((iv) vermenigvuldig met (v))		R1 050	
(vii) Aansuiwing vir voorradawaardering (heersende prys (iii) min (vi))		R450	

gedefleer. Op hierdie manier word boekwaardes teen konstante pryse verkry en kan die verandering teen konstante pryse daaruit bereken word, dit wil sê die verandering in die hoeveelheid voorrade. Deur die verandering in die hoeveelheid met die gemiddelde prysindekswaarde vir die besondere kwartaal te vermenigvuldig, word voorraadinvestering teen heersende pryse verkry.

Kwartaallikse ramings van die boekwaardes van voorrade teen heersende pryse word saamgestel uit inligting wat uit verskillende bronne verkry word, byvoorbeeld regstreeks van die Departement van Landbou, uit statistiese vrystellings en sensusse van die Sentrale Statistiekdiens en uit opnames wat die Reserwebank maak om toepaslike gegewens van openbare korporasies, sakeondernemings van die algemene owerheid en 'n aantal private sakeondernemings in te win.

'n Vaste seisoenspatroon is in die kwartaallikse ramings van voorraadinvestering waarneembaar. Vir die doel van vergelykings van kwartaal tot kwartaal is dit nodig om daardie verandering in voorraad vas te stel wat aan suiwer seisoensveranderings toegeskryf kan word. Die bekende "X-11 Variant of the Census Method II Seasonal Adjustment Programme" word gebruik om seisoenspatrone van die boekwaardes van voorrade te bereken en die seisoensaangesuiwerde boekwaardes word dan gebruik om seisoensaangesuiwerde voorraadveranderings te bereken. In die handelsektor word die voorrade van private sakeondernemings in die groothandel, kleinhandel, motorhandel en die landbouvoorraade in die handel, afsonderlik vir seisoensinvloede aangesuiwer. As gevolg van die groot seisoensveranderings in landbouproduksie word mielieovoorraad as 'n afsonderlike kategorie beskou. Voorsiening word gemaak vir die invloed van vroeë en laat mielieoeste deur afsonderlike seisoensindekse te bereken. 'n Vroeë oes word gedefinieer as een waar 60 persent van die oes voor 30 Junie ingesamel is.

Die beweegredes vir die besit van voorraad

Drie beweegredes vir die besit van voorrade kan onderskei word:

- Eerstens ontstaan 'n sogenaamde *transaksiemotief* om voorrade te besit wanneer ondernemings nie die ontvangs van grondstowwe en onderdele, die verwerking van die grondstowwe en die verkoop van die klaarvervaardigde goedere kan sinkroniseer nie. Daar is ook skaalvoordele wanneer produksie, opberging, vervoer en transaksies op 'n groot skaal geskied.
- Tweedens ontstaan 'n *motief om produksie te bestendig*, oftewel 'n buffervoorraadmotief, wanneer voorrade gehou word om vir die veranderings in die vraag na goedere voorsiening te maak. Produksie kan dan betreklik gelykmatig voortgaan, ondanks veranderings in

vraag. 'n Gelykmatige vloei van die produksie van goedere verminder die eenheidskoste van produksie. Voorrade kan ook gehou word om vir enige verandering in die aanbod van grondstowwe, onderdele of klaarprodukte te voorsien. Voorrade verminder die risiko van 'n verlies aan inkomste as gevolg van 'n onvermoë om in die vraag te voorsien. Hierdie motief veronderstel dat die voorrade van klaarprodukte hoofsaaklik dien om produksievlekke te bestendig wanneer verkope wissel en die grenskoste van produksie 'n stygende verloop het. 'n Skerp styging in die grenskostekromme bied 'n sterk aansporing om produksie te bestendig, terwyl hoë bergingskoste sulke gedrag ontmoedig.


- Derdens ontstaan 'n *spekulasiemotief* om voorraad te besit vanuit 'n verwagte verandering in pryse en koste. Meer voorrade sal opgebou word wanneer 'n styging in pryse verwag word. Die spekulasiemotief word gewoonlik deur die insameling en ontleding van inligting gerugsteun.

Verskeie modelle van voorraadgedrag is op grond van hierdie drie beweegredes ontwikkel. 'n Belangrike ontwikkeling was om vir 'n bepaalde mikpuntverhouding van voorrade tot verkope voorsiening te maak. Hierdie benadering word gevvolg omdat dit vir sakeondernemings duur is as voorrade afwyk van die gewenste verhouding tot werklike of verwagte verkope. Wanneer ondernemings probeer om 'n gewenste voorrade-verkope-verhouding te handhaaf, sal 'n onverwagte verandering in verkope noodwendig tot 'n verandering in voorrade lei sodat voorrade weer by die gewenste voorrade-verkope-verhouding aanpas. Die versnellerbeginsel kan ook hier ter sake wees – die verandering in verkope mag tot 'n groter verandering in produksie lei terwyl 'n onderneming besig is om sy voorrade by die gewenste voorrade-verkope-verhouding aan te pas. Kosteskokke kan ook in die model ingebou word om te verseker dat 'n opbou van voorrade sal plaasvind wanneer die koste van produksie betreklik laag is. Daarteenoor sal voorrade afgebou word wanneer produksiekoste hoog is. In plaas van om die vlak van produksie te bestendig sal ondernemings volgens hierdie benadering die koste van produksie bestendig. Daar kan aangevoer word dat wanneer produksiekoste veranderlik is, kosteskokke ten minste net so 'n groot rol as vraagskokke speel in die bepaling van voorraadinvestering.

Strukturele veranderings in voorraadinvestering

Veranderende ekonomiese toestande en tegnologiese ontwikkelings het tot strukturele veranderings in voorraadinvestering in Suid-Afrika geleid. Hierdie strukturele veranderings in voorraadinvestering is ontleed deur die samestelling van voorrade, die verhouding van die vlak van voorrade tot die bruto binnelandse produk

Grafiek 2: Die samestelling van voorrade




en die voorrade-verkope-verhouding te ondersoek.

'n Ontleding van die samestelling van die totale reële voorrade volgens soort ekonomiese bedrywigheid toon


geen belangrike veranderings oor die lang termyn nie (kyk grafiek 2). Dit is ook duidelik dat die nywerheids- en handelsvoorraade (dit wil sê, voorrade in die sektore fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel) die grootste deel van die totale voorrade uitmaak. Die verhouding van die voorrade in die fabriekswese as 'n persentasie van die totale voorrade het in die tydperk 1960 tot 1980 min of meer onveranderd gebly, en sedert 1980 slegs matig gedaal. Aan die ander kant het die verhouding van voorrade in die groot-, klein- en motorhandel sedert 1960 tot die middel van die tagtigerjare effens gedaal en van ongeveer 1986 weer toegeneem. Die toenemende belangrikheid van die ander voorrade in die tydperk 1966 tot 1975 en 1980 tot 1985 kan aan toenames in die strategiese voorrade en die diamantvoorraad in die handel toegeskryf word. Die grafiek toon duidelik dat die verhouding van die landbouvoorraad in die handel tot die totale voorrade baie klein is en dat dit met verloop van tyd nie baie verander het nie. Die lae vlak van hierdie voorrade kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat 'n oorskot van landbouvoorraad in die handel uitgevoer word, terwyl tekorte gewoonlik deur die invoer van produkte aangevul word.

Die vlak van die nywerheids- en handelsvoorraad as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk buite die landbou vir die tydperk vanaf die eerste kwartaal van 1960 tot die tweede kwartaal van 1995 word in grafiek 3 getoon. Twee tydperke kan duidelik in hierdie grafiek onderskei word, naamlik 1960 tot 1975, en sedert 1976. Die belangrikste kenmerk van die eerste tydperk is 'n

Grafiek 3: Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk



Grafiek 4: Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraad tot verkope



betreklik bestendige gemiddelde verhouding van byna 30 persent van die nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk buite die landbou. 'n Hoogtepunt van 35 persent is in die vierde kwartaal van 1975 bereik. Sedert 1976 het hierdie verhouding 'n bestendige afwaartse langtermynneiging getoon. 'n Historiese laagtepunt van 16 persent is in die vierde kwartaal van 1993 aangeteken.

Grafiek 4 toon die voorrade-verkope-verhouding van die nywerheid en handel vir die tydperk vanaf die eerste kwartaal van 1966 tot die tweede kwartaal van 1995. Hierdie verhouding is bereken deur die gemiddelde voorraadvlak in die kwartaal te deel deur die gemiddelde maandelikse verkope per kwartaal, om die gemiddelde aantal maande te bepaal wat dit sal duur om alle voorrade te verkoop. Uit grafiek 4 kan gesien word dat hierdie verhouding sedert die tweede helfte van die sewentigerjare 'n voortgesette afwaartse langtermynneiging toon. Gedurende die tydperk 1966 tot 1975 was die verhouding ongeveer $2\frac{1}{2}$ maande. Sedert 1975 het die verhouding geleidelik tot 'n gemiddelde van 2 maande in 1980 en $1\frac{1}{2}$ maande in 1990 gedaal. Daarna het dit in die eerste helfte van die negentigerjare rondom laasgenoemde vlak gewissel.

In grafiek 5 word die voorrade-verkope-verhouding van die fabriekswese, en die groot- en kleinhandel getoon. Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat die voorrade-verkope-verhouding van die fabriekswese sedert 1981 skerp gedaal het. Die skerp daling in die verhouding van die fabriekswese in 1981 is waarskynlik veroorsaak deur


die sameloop van 'n depresiasi van die rand, 'n toename in rentekoerse en hoër inflasie, wat 'n afname in voorrade meegebring het. Dalings in die ooreenstemmende verhoudings in die groothandel en die kleinhandel was nie so duidelik soos dié in die fabriekswese nie.

Uit hierdie ontleding is dit duidelik dat 'n aansienlike struktuurverandering sedert die middel-sewentigerjare in voorraadinvestering in Suid-Afrika plaasgevind het, en dat die toevoegings tot die voorrade selde die toenames in die totale produksie geëwenaar het.


Die volgende redes kan vir die afwaartse neiging in die voorraadverhoudings in grafieke 3, 4 en 5 aangevoer word:

- 'n verswakking in ekonomiese groei en 'n toenemend mededingende sakeomgewing het pogings genoodsaak om die koste van voorraadbewaring te beperk;
- doeltreffender tegnieke om voorraad te beheer, wat onder ander deur gevorderde rekenaartegnologie moontlik gemaak is;
- meer betroubare aflewering- en vervoerstelsels, wat die vermindering van voorraadbewaring dwarsdeur die produksie- en verspreidingsnetwerk moontlik gemaak het;
- die verskuiwing van 'n deel van die voorraadbewaring na verkopers in die informele sektor waar dit nie meer as

Grafiek 5: Die verhouding van voorrade tot verkope



Grafiek 6: Die verhouding van voorrade tot verkope in die Verenigde State van Amerika



voorraade gemeet word nie, maar as private verbruiksbesteding;

- hoër rentekoerse, wat 'n styging in die koste van voorraadbesit meegebring het. Die koste van die voorraadbesit is ook deur die depresiasie van die eksterne waarde van die rand beïnvloed vanweë die hoë invoerinhoud van voorraadinvestering in Suid-Afrika; en
- die toenemende belangrikheid van die sektore finansiële dienste en algemene owerheidsdienste in die totale bruto binnelandse produk en die betreklike klein voorraadbesit van hierdie sektore, het die afwaartse neiging in die verhouding van voorrade tot die bruto binnelandse produk versterk.

Voorraadontwikkelings in ander lande het min of meer 'n soortgelyke patroon as in Suid-Afrika gevvolg. Die voorrade-verkope-verhouding in die hoofsektore van die ekonomie van die Verenigde State van Amerika het sedert 1982 gedaal – matig vir die ekonomie in die geheel maar skerper vir die fabriekswese. In teenstelling hiermee het die voorrade-verkope-verhouding van die groot-handelsektor op min of meer dieselfde vlak gebly, terwyl die kleinhandelsvoorraade effens opwaarts beweeg het, maar nie genoeg om die daling in die verhouding van die fabriekswesesektor uit te kanselleer nie.

Gedurende die grootste deel van die sestiger- en die sewentigerjare was die verhouding van voorrade tot produksie in die Verenigde Koninkryk betreklik bestendig omdat voorraadvlakte opgebou is om die toenemende

fisiese omvang van produksie en vraag te ondersteun. Gedurende die tagtigerjare was daar egter 'n sterk en ononderbroke daling in die verhouding van voorrade tot produksie. Dit het aanvanklik 'n groot daling in die vlak van voorrade weerspieël, maar toe die voorraadvlakte in 1983 bestendig het, het toenemende produksiehoeveelhede die belangrikste bydrae tot die dalende neiging gemaak.

In Australië het die voorrade-verkope-verhouding dieselfde neiging as dié van die VSA vertoon, naamlik 'n min of meer bestendige verhouding in die sestiger- en die sewentigerjare en 'n afwaartse neiging gedurende die tagtigerjare. 'n Merkbare daling is veral in die voorrade-verkope-verhouding van die fabriekswese in Australië merkbaar, terwyl die verhouding van die kleinhandelsektor slegs effens gedaal het.

Hierdie internasionale vergelyking bevestig dat die struktuurveranderings in Suid-Afrika deel vorm van soortgelyke veranderings wat in die res van die wêreld plaasgevind het. Die redes wat vir die strukturele veranderings in die onderskeie lande gegee word, is ook min of meer in ooreenstemming met dié vir die dalende verhouding in Suid-Afrika.

Voorraadinvestering en die konjunktuur

Internasionale studies oor die gedrag van voorrade oor tyd stem blykbaar ooreen wat betref die belangrikheid van voorraadinvestering in die beskrywing en verklaring van die na-oorlogse konjunktuur in die nywerheidslande. In tabel 4 word die gemiddelde bydraes van die belangrikste bestedingskomponente tot die groei in die bruto binnelandse produk oor die verloop van die konjunktuur in Suid-Afrika vergelyk. Die bydrae van elke bestedingskomponent tot die groei in die bruto binnelandse produk oor die konjunktuur is verkry deur eers die verandering in die waardes teen konstante pryse van daardie bestedingskomponent oor die betrokke tydperk te bereken. Hierdie verandering is daarna deur die gesommeerde verandering in die bruto binnelandse produk oor dieselfde tydperk gedeel, en met die persentasieverandering van die bruto binnelandse produk oor daardie tydperk vermenigvuldig.

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die gemiddelde bydrae van voorraadinvestering gedurende die afwaartse fases van die konjunktuur -3,5 persent was. Hierdie negatiewe bydrae van voorraadinvestering tot die groei in die bruto binnelandse produk tesame met dié van vaste investering, het die positiewe bydraes deur die ander komponente van finale vraag oorskry. Met die opwaartse fases was die gemiddelde bydrae van voorraadinvestering tot die groei in die bruto binnelandse produk 4,1 persent, wat goed met dié van die ander totale vergelyk. Indien die bydrae van investering in nywerheids- en handelsvoorraade (-2,3 persent in die afwaartse fases en 2,6 persent in die opwaartse fases) buite rekening gelaat word, het die investering in ander voorrade 'n betreklike klein bydrae tot veranderings in die

Tabel 4. Die gemiddelde bydrae van die belangrikste komponente van besteding aan die bruto binnelandse produk tot die groei in die bruto binnelandse produk oor die konjunktuur van 1960 tot 1995¹

Persentasies

Gemiddeldes gedurende:	Private verbruiks-besteding	Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid	Bruto binne-landse vaste investering	Finale vraag	Totaal	Voorraadinvestering				Ander
						Nywerheid en handel				
						Fabrieks-wese	Groot-, klein- en motor-handel	Totaal		
Afwaartse fases	1,0	1,2	-0,6	1,6	-3,5	-1,5	-0,8	-2,3	-1,2	
Opwaartse fases.....	7,2	2,0	3,9	13,1	4,1	1,6	1,0	2,6	1,5	
Volle siklus	7,1	2,9	2,6	12,6	0,3	0,3	0,2	0,5	-0,2	

1. Die opwaartse fase vanaf Junie 1993 is nog nie voltooi nie.


bruto binnelandse produk gemaak (-1,2 persent in die afwaartse fases en 1,5 persent in die opwaartse fases). Die gemiddelde bydrae van voorraadinvestering oor die volle konjunktuur was slegs 0,3 persent. Dit beteken dat die negatiewe bydrae oor die afwaartse fases en die positiewe bydrae oor die opwaartse fases mekaar oor die volle konjunktuur bykans uitkanselleer.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat voorraadinvestering die opwaartse en afwaartse fases

van die konjunktuur versterk. Die ontleding toon ook dat nywerheids- en handelsvoorraade die belangrikste komponent van voorraadinvestering is en dat dit die langtermynbeweging in voorraadinvestering oorheers. Indien die swaaiwydte van die voorraadsiklus beperk kan word, sal die afwyking van die konjunktuur ook dienooreenkomsdig kleiner wees.

Die veranderings in die reële nywerheids- en handelsvoorraade word in grafiek 7 saam met die

Grafiek 7: Die reële voorraadinvestering van die nywerheid en handel




konjunktuur aangedui. Oor die algemeen is daar 'n positiewe korrelasie tussen die voorraadsiklus en die konjunktuur. Die voorraadsiklus styg gedurende die opwaartse fases en daal gedurende die afwaartse fases van die konjunktuur. 'n Meer stelselmatige meting van die tydsverband tussen die draaipunte en die ooreenstemming van die voorraadsiklus vir investering in die nywerheids- en handelsvoorraade met die konjunktuur het getoon dat die draaipunte van die investeringsiklus van die nywerheids- en handelsvoorraade *naastenby* met die konjunktuur saamval en dat die lengte van die twee sikelusse ongeveer dieselfde is. Die draaipunte van die voorraadsiklus en die konjunktuur stem egter nie konsekwent ooreen nie. Die voorraadsiklus het by vier pieke en vier trôe gelei en by drie pieke en drie trôe gesloer, terwyl dit by een piek en een trog saamgeval het. Die verskille in die tydsverband kan toegeskryf word aan die verskillende lengtes van die sikelusse en die besondere toestande wat eie aan elke voorraadsiklus en konjunktuurgolf is.

Tabel 5 gee 'n opsomming van die tydsverband tussen die draaipunte van die verskillende maatstawwe van die voorraadsiklus en hoe hierdie sikelusse met die konjunktuur ooreenstem. Die *vlak van voorrade* het ná die konjunktuur gevolg, terwyl voorraadinvestering geneig het om daarmee saam te val. Dit blyk dat voorraadinvestering die vlak van voorrade met ongeveer twee tot vier kwartale gelei het.

'n Eenvoudige voorbeeld toon waarom die draaipunte van voorraadinvestering die draaipunte van die vlak van voorrade voorafgaan (kyk grafiek 8). Indien voorraadinvestering as ΔN aangedui word en die vlak van voorrade

Grafiek 8: Die verwantskap tussen voorraad-investering en die vlak van voorrade



as N_t , dan is $N_t = N_{t-1} + \Delta N$. Indien ΔN positief is, styg N_t . Indien ΔN 'n maksimum positiewe waarde bereik en dan

Tabel 5. Die gemiddelde tydsverband en ooreenkoms van voorrade met die konjunktuur, 1960-1993

	Tydsverband ¹ (kwartale)		Lengte van die voorraad-siklus (kwartale)			Aantal kwartale wat die voorraadsiklus langer is as die konjunktuur		
	Piek	Trog	Piek	Trog	Volle siklus	Piek	Trog	Volle siklus
Die vlak van totale reële voorrade....	3	4	8	9	17	-1	1	0
Die vlak van reële nywerheids- en handelsvoorraade	4	4	9	8	17	0	0	0
Die vlak van ander reële voorrade ...	4	5	8	8	16	-1	0	-1
Totale reële voorraadinvestering.....	1	0	9	6	15	0	-2	-2
Reële voorraadinvestering in fabriekswese.....	0	0	9	8	17	0	0	0
Reële voorraadinvestering in groot-, klein- en motorhandel	0	-1	9	7	16	0	-1	-1
Reële voorraadinvestering in die nywerheid en handel	0	0	9	8	17	0	0	0
Ander reële voorraadinvestering	1	0	9	6	15	0	-2	-2

1. Lei (-), sloer (+) van voorrade met betrekking tot die konjunktuur.

na 'n laer maar steeds positiewe waarde terugsak, het ΔN verby sy boonste draaipunt beweeg. N hou egter aan om te styg. Eers wanneer ΔN tot 'n negatiewe waarde teruggesak het, sal N begin daal en dus verby sy boonste draaipunt beweeg.

Uit tabel 5 is dit duidelik dat die lengtes van die siklusse van die verskillende voorraadreekse byna dieselfde is en dat dit ook ongeveer net so lank soos die konjunktuur is. 'n Algemene gevolgtrekking is dat die vlak van die reële voorrade en voorraadinvestering van die verskillende sektore positief met die konjunktuur ooreenkoms. Gemiddeld het totale voorraadinvestering by die piek met 'n sloering van een kwartaal op die konjunktuur gevolg en by die trog saamgeval. Investering in nywerheids- en handelsvoorraade het by die piek en die trog met die konjunktuur saamgeval. Dit is duidelik dat voorraadinvestering nie die aanvanklike dryfveer is om die opwaartse fase te begin nie. Aan die begin van die opwaartse fase verminder sakeondernemings nog hul bestaande voorrade. Eers wanneer oorskotvoorraade uitgeput is, vind 'n versnelde opbouing van voorrade plaas wat die opwaartse fase versterk. As gevolg van sy bestendigheid as 'n sloerende aanwyser, word die vlak van nywerheids- en handelsvoorraade by die saamgestelde sloerende konjunktuur-aanwyser van die Reserwebank ingerekken.

Ekonometriese modellering van voorraadinvestering

Makro-ekonometriese modelle bou gewoonlik die hoofkomponente van die finale vraag en voorraadinvestering in as endogene veranderlikes om die talte ingewikkelde onderlinge verwantskappe in 'n ekonomiese stelselmatig te ontleed. Ekename se begrip van die werking van die ekonomiese word dus gerugsteun deur 'n vergelyking of stel vergelykings wat die bepalende faktore vir voorraadinvestering opsom. Die samestelling van 'n bruikbare kwartaallikse ekonometriese model van voorraadinvestering word bemoeilik deur die sterk wisselings wat die verloop van hierdie komponent van die totale vraag kenmerk. Om hierdie rede is die veranderlikes wat gebruik is beperk tot dié met geredelik beskikbare tydreeksinligting, om ander navorsers sodoende in staat te stel om die model te herskep en om die resultate wat hier verkry is, aan te vul.

Die samestelling van 'n empiriese model waarin totale voorraadinvestering in 'n enkele funksie deur 'n aantal makro-ekonomiese veranderlikes verklaar word, is bemoeilik deur die sterk wisselings in sekere soorte voorrade wat nie geredelik gemodelleer kan word nie. Die veranderings in strategiese voorrade en voorrade van landbouprodukte word byvoorbeeld hoofsaaklik deur nasionale beleidsoorwegings en weerstoestande bepaal. Binne die raamwerk van 'n makro-ekonomiese model is dit beter om sulke veranderings in voorrade as eksogene gebeure te beskou. Die omvattendste voorradebegrip wat sinvol as 'n funksie van ander makro-ekonomiese

veranderlikes gemodelleer kan word, is *nywerheids- en handelsvoorraade*. In die beskrywing wat volg word die verandering in hierdie voorrade (teen konstante 1990-pryse) deur ΔI aangedui en die vlak daarvan aan die einde van die kwartaal deur I ; ΔI is die afhanglike veranderlike in die sleutelvergelyking wat hieronder ontwikkel word.

Voorrade word normaalweg gehou om verkope te vergemaklik en om die koste van produksie so klein as moontlik te hou. Oortollige voorrade sal ongewenste rente- en ander besikoste tot gevolg hê; onvoldoende voorrade kan veroorsaak dat verkope verbeur word. As 'n eerste benadering kan 'n bepaalde gewenste voorrade-verkope-verhouding veronderstel word. As gesloerde werklike verkope, S_{t-1} , aan verwagte huidige verkope gelykgestel word en I_d die gewenste vlak van voorrade voorstel, is

$$I_d = k^* \cdot S_{t-1}, \quad (1)$$

met k^* die gewenste ewewigsverhouding van voorrade tot verkope.

Die gewenste verhouding van voorrade tot verkope is nie oor die lang termyn konstant nie. Gegewe die daling in die waargenome verhouding van voorraadvlakte tot verkope, kan geredelik aanvaar word dat tegnologiese vooruitgang en koste-oorwegings op 'n bestendige daling in die gewenste verhouding dui. Op die kort termyn sal veranderings in die besikoste van voorrade noodwendig 'n invloed uitoefen op die optimale vlak van voorrade wat sakeondernemings bereid is om te hou. Rentekoerse en die relatiewe pryse van die goedere wat opgeberg word is voor die hand liggende faktore om korttermynveranderings in die gewenste verhouding te verklaar. Hoër rentekoerse sal waarskynlik die gewenste verhouding verminder; eweneens ook hoër relatiewe pryse van die goedere wat as handelsvoorraad gehou word. Gegewe die hoë invoerinhoud van Suid-Afrika se nywerheids- en handelsvoorraade, kan die reële wisselkoers gebruik word om die relatiewe pryse van handelsvoorraad te benader. Sonder om vooraf enige beperkings op die funksionele verwantskap tussen k^* en die verklarende veranderlikes te plaas, kan die gewenste verhouding soos volg geskryf word:

$$k_t^* = k^*(t, \text{Prima}, \text{Rew}), \quad (2)$$

waar t = tydveranderlike om die stelselmatige langetermynverandering in k^* voor te stel,
 Prima = rentekoers, en
 Rew = reële wisselkoers.

Die aanpassing van die waargenome verhouding by die gewenste voorrade-verkope-verhouding geskied nie oombliklik nie en kan langer as een kalenderkwartaal duur. Omdat verkope onvoorspelbare wisselings kan toon, is dit ook noodsaaklik om vir onbeplante

veranderings in voorrade voorsiening te maak waarin te veel of te min voorraad opgebou word en daarna weer gepoog word om ewewig te herstel. Met Metzler se benadering as 'n vertrekpunt, is die gesloerde waarde van die vlak van voorrade as 'n verdere verklarende veranderlike ingesluit om die gedeeltelike en geleidelike aard van die aanpassingsproses te beskryf. Onverwagte korttermynfluktusies in verkope, wat empiries op baie maniere benader kan word, is ook as 'n verklarende veranderlike bygevoeg.

Deur die inligting toe te laat om die finale vorm van die gedragsvergelyking te bepaal en ná uitvoerige eksperimentering met verskeie alternatiewe spesifikasies, is die volgende vergelyking geskat as die beste benadering van die proses van voorraadoppotting in die Suid-Afrikaanse ekonomie:

$$\begin{aligned}
 \Delta I_t &= 1632,74 + 0,277 S_{t-1} - 0,000477 \cdot t \cdot S_{t-1} \\
 &\quad (1,46) \quad (4,91) \quad (-2,26) \\
 \\
 &-0,266 I_{t-2} -0,196 (S_t - \frac{1}{4} \sum_{i=1}^4 S_{t-i}) \\
 &\quad (-6,52) \quad (-4,67) \\
 \\
 &-28,29 \text{ Prima}_{t-1} -42,43 \text{ Prima}_{t-2} \\
 &\quad (-3,51) \quad (-3,51) \\
 \\
 &-42,43 \text{ Prima}_{t-3} -28,29 \text{ Prima}_{t-4} \\
 &\quad (-3,51) \quad (-3,51) \\
 \\
 &+9,05 \text{ Rew}_{t-1} +13,58 \text{ Rew}_{t-2} \\
 &\quad (3,96) \quad (3,96) \\
 \\
 &+13,58 \text{ Rew}_{t-3} +9,05 \text{ Rew}_{t-4} \\
 &\quad (3,96) \quad (3,96)
 \end{aligned} \tag{3}$$

$$R^2 = 0,59 ; \bar{R}^2 (\text{aangepas vir vryheidsgrade}) = 0,56$$

$$F\text{-waarde} = 21,82$$

$$DW = 1,76$$

$$\text{Skattungstydperk} = 1971K1 \text{ tot } 1995K1.$$

Geskatt met gewone kleinste vierkante; t-waardes is tussen hakies reg onder die geskatt koëffisiënte.

Die koëffisiënte van die gesloerde waardes van Prima en Rew is geskat deur te aanvaar dat hierdie koëffisiënte 'n tweede-orde polinoomverdeling volg waarin albei eindpunte tot nulwaardes beperk is.

'n Lys van die betrokke veranderlikes word hieronder gegee. Die wat met * gemerk is, word in miljoene rand teen konstante 1990-pryse gemeet, en is seisoensaangesuiwer.

- ΔI = verandering in nywerheids- en handelsvoorraade*,
- S = totale verkope* (word hieronder gedefinieer),
- t = tydveranderlike, 1960K1=1, 1960K2=2, ens.,
- I = die vlak van nywerheids- en handelsvoorraade aan die einde van die kwartaal*,
- Prima = kwartaallikse gemiddelde prima-uitleenkoers van die verrekeningsbanke, persent per jaar,

Rew = kwartaallikse gemiddelde reële effektiewe wisselkoers van die rand, 1990 = 100 (stygende waardes dui op 'n versterkende rand en dalende waardes dui op 'n verswakkende rand).

Totale verkope bestaan uit die bruto binnelandse besteding met uitsluiting van owerheidsverbruiksbesteding (hoofsaaklik dienste), die dienstekomponent van private verbruiksbesteding, en nywerheids- en handelsvoorraadinvestering, maar met inbegrip van die uitvoer van vervaardigde produkte:

$$S = BBB - G - Cdiens - \Delta I + Xm \tag{4}$$

waar die veranderlikes wat nog nie voorheen gedefinieer is nie, soos volg is:

- BBB = bruto binnelandse besteding*,
- G = owerheidsverbruiksbesteding*,
- Cdiens = private verbruiksbesteding aan dienste*, en
- Xm = uitvoer van vervaardigde goedere*.

Die eerste drie terme aan die regterkant van die geskattte vergelyking beskryf hoedat die langtermyn gewenste voorrade-verkope-verhouding met verloop van tyd verander. Die negatiewe koëffisiënt van die produkterm ($t \cdot S_{t-1}$) toon dat die gewenste voorradeverhouding met verloop van tyd daal. Die reglynige aard van die verwantskap sal lei tot negatiewe waardes vir die gewenste voorradeverhouding by hoë waardes van t . Dit kan 'n probleem veroorsaak as die vooruitskattungs-tydperk te ver in die toekoms strek, maar dit blyk 'n werkbare aanname te wees as die model vir 'n betreklike kort vooruitskattungstydperk gebruik word. Die I_{t-2} -veranderlike met sy negatiewe teken is 'n voorstelling van die gedeeltelike aanpassingsproses waarin voorradevlakke wat laag is met betrekking tot die gewenste vlak, met 'n tydsloering tot 'n doelbewuste aanvulling van voorradevlakke lei; die teenoorgestelde geld as die waargenome voorradevlak hoog is met be-trekking tot die gewenste vlak. Die term $(S_t - \frac{1}{4} \sum_{i=1}^4 S_{t-i})$ maak voorsiening daarvoor dat onverwagte hoë verkope in die huidige kwartaal behaal kan word deur voorrade te laat afneem. Op hierdie manier word vir onbeplande korttermyn-veranderings in voorrade voorsiening gemaak, terwyl die behoeftte aan 'n buffervorraad terselfdertyd benadruk word. Verwagte verkope is gelyk aan $\frac{1}{4} \sum_{i=1}^4 S_{t-i}$; met ander woorde verwagte verkope word op die gemiddelde verkope van die vorige vier kwartale gegrond. Dit blyk 'n oorvereenvoudiging te wees, maar eksperimentering met meer ingewikkeld verwagtings-vormingsformules het swak resultate gelewer.

Die negatiewe koëffisiënt van Prima dui daarop dat hoë rentekoerse 'n laer besit van voorrade aanmoedig. Waar in 'n aantal vorige studies min bewys gevind kon word dat rentekoerse 'n invloed op voorraadinvestering het, is die geskatt koëffisiënt van die rentekoersterm in

hierdie studie aanvaarbaar en statisties betekenisvol. Die positiewe koëffisiënt van Rew dui daarop dat wanneer ingevoerde goedere, en dus voorrade, goedkoper word as gevolg van 'n versterkende geldeenheid, voorrade na verwagting opgebou sal word. Prima sowel as Rew neem 'n aantal kwartale om hulle ten volle te laat geld.

Toetsing en gebruik van die model

'n Eerste aanduiding van die model se akkuraatheid word verkry uit die passingsmaatstawwe wat hierbo getoon is. Die tekens en die t-waardes van die onderskeie geskatte koëffisiënte is bevredigend en stem ooreen met voorafberedenering. Die bepaaldheidskoëffisiënt, R^2 , is betreklik hoog met inagneming van die sterk fluktuasies in voorraadinvestering.

Die resultaat van 'n simulasie-oefening binne die skattingstydperk, wat verkry is deur die werklike waardes van alle verklarende veranderlikes in die vergelyking te gebruik en dan die geskatte waardes vir voorraadinvestering te bereken, word in grafiek 9 uitgebeeld.


Grafiek 9 toon dat die waargenome voorraadinvestering vanaf die derde kwartaal van 1994 tot die eerste kwartaal van 1995 baie hoër was as die waardes wat deur die model voorspel word. Een moontlike verklaring hiervoor is dat die bestendiger monetêre beleidsomgewing, die opheffing van sanksies en die gunstiger vooruitsigte vir sakeondernemings as gevolg van die bestendiger politieke toestande in die land, 'n bereidwilligheid in die hand gewerk het om meer

voorraade te hou as wat uit vroeëre gedragspatrone blyk. Ander moontlike verklarings is dat die langtermynafname in die verhouding van voorrade tot verkope begin het om uit te vlak, dat meer voorrade gehou word om vir verwagte arbeidsoptredes voorsiening te maak, of dat ewekansige kragte in die ekonomie 'n paar keer na mekaar hoër-as-verwagte voorraadinvestering teweegbring het. Verdere ondersoeke word benodig voordat hierdie vraagstuk oortuigend opgelos kan word.


Vir doeleindes van die simulasie binne die skattingstydperk is die werklik waargenome waardes van die gesloerde vlak van voorrade as verklarende veranderlike ingesluit. 'n Verdere simulasie is daarna uitgevoer waarin die voorafbepaalde waardes van die gesloerde vlak van voorrade toegelaat is om endogeen deur die model bepaal te word. Die gesimuleerde waardes van die verandering in voorrade is gebruik om die opgelope vlak van voorrade te bereken, wat dan weer met 'n sloering van twee kwartale as 'n verklarende veranderlike gebruik is. Die resultate van hierdie (dinamiese) simulasie word in grafiek 10 getoon tesame met die resultaat van die vorige (statiese) simulasie binne die skattingstydperk.

Simulasies kan ook gebruik word om die reaksie van voorraadinvestering op veranderings in die eksogene veranderlikes van die model te bepaal. Die model is byvoorbeeld vanaf die eerste kwartaal van 1971 tot die vierde kwartaal van 1992 dinamies opgelos deur gebruik te maak van die eksogene veranderlikes en die waardes van die vlak van voorrade wat endogeen bepaal is. Die werkwyse is


Grafiek 9: Die veranderings in nywerheids- en handelsvoorraade: werklike en voorspelde waardes



Grafiek 10: Die veranderings in nywerheids- en handelsvoorraade: voorspelde waardes



Grafiek 11: Die uitwerking van 'n volgehoue verhoging van een persentasiepunt in die prima-uitleenkoers op nywerheids- en handelsvoorraarde



herhaal, maar die rentekoersveranderlike Prima is vanaf die eerste kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1992 met een persentasiepunt verhoog. Die resultate word in grafiek 11 opgesom. 'n Blywende toename in rentekoerse verminder voorraadinvestering vir ongeveer 13 kwartale en verminder die vlak van voorrade standhoudend. Die grootste uitwerking op voorraadinvestering word na verloop van vier kwartale aangeteken.

Opsomming

Vorraadinvestering se regstreekse uitwerking op die totale vraag dra by tot die omvang van die bruto binnelandse produk. Dit het ook 'n regstreekse

uitwerking op die aanwending van investeerbare fondse in die ekonomie. Voorrade oorbrug die baie wisselvallige gaping tussen die totale vraag en aanbod.

Ekonomiese toestande en veranderings in tegnologie het 'n strukturele daling in die vlak van voorrade relatief tot die vlak van produksie teweeggebring. 'n Internasionale vergelyking van die voorraadverhoudings bevestig dat die strukturele veranderings in Suid-Afrika deel uitmaak van soortgelyke veranderings wat in ander lande plaasgevind het. Die redes wat vir die strukturele veranderings in die verskillende lande aangevoer word, is ook naastenby dieselfde.

Vorraadinvestering neig om met die konjunktuur saam te val en is nie die aanvanklike dryfveer agter konjunkturele veranderings in die ekonomie nie, terwyl die vlak van voorrade die konjunktuur met 'n tydsloering van ongeveer drie tot vier kwartale volg. Vanweë die konsekwente sloering van die vlak van nywerheids- en handelsvoorraade ná die algemene ekonomiese bedrywigheid, is dié voorraadvlak 'n onderdeel van die saamgestelde sloerende konjunkturaanwyser van die Reserwebank.

In 'n ekonometriese funksie vir die verklaring van die kwartaallikse veranderings in reële nywerheids- en handelsvoorraade is verkope, onverwagte veranderings in verkope, die gesloerde vlak van voorrade, rentekoerse en die reële wisselkoers as verklarende veranderlikes gebruik. Die model vaar redelik goed in *ex post*- vooruitskattings. Van besondere belang is die bevinding dat die rentekoers sowel as die wisselkoers – veranderlikes wat sterk binne die gebied van monetêre beleid val – 'n beduidende invloed op voorraadinvestering uitoefen.

Bibliografie

- Abramovitz, M. 1950. *Inventories and business cycles, with special reference to manufacturing inventories*. National Bureau of Economic Research. New York: The Gallery Press.
- Blinder, A.S. & Maccini, C.J. 1991. Taking stock: A critical assessment of recent research on inventories. *Journal of economic perspective*, vol. 5, No. 1, 73-96.
- Callen, T.S. 1989. Stockbuilding behaviour. *Bank of England, Quarterly Bulletin*, May, vol. 29, No. 2, 264-270.
- Eichenbaum, M. 1988. Some empirical evidence on the production level and production cost smoothing models of inventory investment. *National Bureau of Economic Research, Working paper*, No. 2523.
- Etter, R. 1993. *Inventory behaviour of firms at different levels of aggregation*. Lecture presented at the twenty-first CIRET conference.
- Evans, M.K. 1969. *Macroeconomic activity: Theory, forecasting, and control*. Harper International.
- Flood, D. & Lowe, P. 1993. Inventories and the business cycle. *Reserve Bank of Australia, Research discussion paper*, No. 9306.
- Gregory, C.A. 1973. Non-farm inventory investment in Australia 1950-1970. *Committee for economic development of Australia, M series*, No. 36.

- Inter-secretariat working group on national accounts. 1993. *System of national accounts 1993*. Eurostat, IMF, OECD, UN and World Bank.
- Little, J.S. 1992. Changes in inventory management: Implications for the U.S. recovery. *New England economic review*, Federal Reserve Bank of Boston, November/December 1992, 37-65.
- Metzler, L.A. 1941. The nature and stability of inventory cycles. *Review of economic statistics*, vol. 23, No. 3, 113-129.
- Pratten, C. 1985. *Destocking in the recession*. Aldershot: Gower publishing company.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1970. Konjunktuurgolwe in Suid-Afrika gedurende die na-oorlogse tydperk, 1946 tot 1968. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, September.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1973. Konjunktuurgolwe in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1968 tot 1972. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Junie.
- Smit, D.J. & Van der Walt, B.E. 1982. Groeitendense en konjunktuurgolwe in die Suid-Afrikaanse ekonomie, 1972 tot 1981. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Junie.
- Smith, H. 1994. *Voorraadinvestering in Suid-Afrika*. Ongepubliseerde M.Com verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Stadler, J.J. 1973. *Die nasionale rekeninge van Suid-Afrika*. Kaapstad & Pretoria: Haum.
- Stanback, T.M. 1962. *Postwar cycles in manufacturing inventories*. National Bureau of Economic Research.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Jaarlikse Ekonomiese Verslag*, verskeie uitgawes.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, verskeie uitgawes.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1991. Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1990. *Geleentheidspublikasie*, no. 5, September 1991.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1994. Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1993. *Bylaag tot die Kwartaalblad*, Junie.
- Van den Heever, J.P. 1988. *Die kwantifisering van beleidsopsies met betrekking tot die makro-ekonomiese stabilisasievraagstuk in Suid-Afrika*. Ongepubliseerde D. Com proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Van der Walt, B.E. 1983. Aanwysers van konjunktuurveranderings in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Maart.
- UN. 1968. System of national accounts. *Studies in methods*, series F, No. 2, rev. 3, New York: United Nations.
- UN. 1986. Handbook of national accounting, accounting for production: sources and methods. *Studies in methods*, series F, No. 39. New York.
- U.S. Department of Commerce, Economics and Statistics Administration, Bureau of Economic Analysis. *Survey of Current Business*, several issues.